Moderne Gebeure Word Duidelik Gemaak Deur Profesie

Laat ons ons hoofde buig. Dierbare Hemelse Vader, ons dank U vanaand omdat U gebede vir ons beantwoord. Hierdie arme dierbare vrou wat daar lê, waar snykunde gefaal het. Maar, O God, ons onthou die eerste snykunde wat ooit gedoen is in die aarde, het U Self gedoen. U het uit die sy van Adam, 'n rib geneem, die snit toegemaak, en 'n vrou gemaak. O Vader, ek bid vanaand dat U hand nou sal afkom en hierdie groot ding sal doen waarvoor ons vra. En hierdie andere, Here, hierdie vrou wat ly aan verstandelike beswaardheid, alle ander wat versoeke het, ons vertrou hulle net toe aan U, Vader, met ons hele hart. In die Naam van Jesus Christus. Amen.

Inderdaad 'n voorreg om hier te wees vanaand en hierdie gawe gehoor te hê om na te kyk. En mooi sang, die wonderlike klein koor. Ek het net gedink die verskil, daardie seuns daar gesien staan met. . . kêrels wat skoon lyk, skoon haarsnitte. Ek het gedink, gisteraand, aan—aan die plek waar ek bly; 'n klomp skurke het daarnatoe gekom en 'n seun probeer verdrink in die swembad; hulle moes iets uitroep en hulle daar uit te kry. Wat 'n verskil, kinders te sien staan, wat die Evangelie liedere sing; wat 'n verskil.

2 Gedink, soos Broer Henry daar gesê het: "daardie mans met hulle hare soos wat die vroue moet hê," julle sien. Dit—dit—dis reg. Lyk asof die. . . Ek sien hierdie seuns het soort van daardie hare gehad, hulle sit selfs hierdie rolkrullers daarin, om hulle gesig. Ek weet nie, ek. . . partymaal word ek mismoedig. Dit lyk asof dit—dit 'n ware tyd van verdraaidheid is. Mans probeer vroueklere dra, en vroue mansklere dra. En mans wat hulle hare laat soos vroue, en vroue wat hare het soos mans. Wat is die probleem met hierdie mense, in elk geval? Het die, regtig, die einste draadjies van ordentlikheid en eer hierdie volk en hierdie mense verlaat, hierdie wêreld?

3 Hierdie is 'n vreeslike tyd, maar dis die mees glorieryke tyd in die wêreld, om die Evangelie te preek. As ek op die rant van die tyd kon staan voor dit ontstaan het, en die Vader sou na my gekyk het, en gesê het: "Watter tyd af deur hierdie eeue sou jy graag wou preek?" sou ek dit net nou wou hê. Net nou, net voor Sy koms.

4 Aan die kyk oor die gehoor, wat hier voor ons sit. . . 'n Predikervriend van my, in Tucson, het gister 'n perd gery. (Aan die dink aan hierdie man met hierdie. . . hierdie vrou met die werwel in haar rug.) Hierdie perd het hom afgegooi. 'n Ander man het my om eenuur vanmôre gebel, na my hotel, gesê: "Die man is by die Veterane Hospitaal, en sy oë is glasig, sy rug gebreek, sy niere uitgestoot, en sy hart gereed om te faal." En daar het ek afgegaan op die vloer, op my knieë; telefoon, hom aan die ander kant gekry, en vir hom gebid. En hier sit hy hier vanaand, wat net daar sit. Dit was gisteraand. Bob, sou jy net daar opstaan? God antwoord gebed, oggend, aand, middag, middernag, of enige tyd. Daar's die man, net daar. [Gemeente juig—Red.]

5 Nou, ek—ek is so 'n langdradige prediker, soos hulle dit noem. Ek haat dit net soort van om hierdie tyd van die aand te begin, en—en ek het gedink ek sou net hiernatoe kom. Nou die aand, wel, het ons gepraat hier oorkant by 'n sekere plek, en die. . . vyftien minute nadat ek op was, het die mense die borde opgetel en vir my beduie: "Hou op! Bly stil, jy moet hier uitkom," aan die sigarette rook, en aangaan. Dit was nie die—die banket se fout nie, dit was die mense van wie hulle dit gehuur het. En die—die voorsitter se vrou het gegaan en vir die bestuurder gesê, gesê. . .

6 Gesê: "Wel, julle is veronderstel om hier uit te wees om 9:30."

7 Gesê: "Jy het dit nooit in die kontrak gesit nie."

8 Hierdie dame, vanaand, sy het hiernatoe gekom (baie gawe dame) en sy het gesê: "Ons het verstaan dat jy dit wou hê," gesê: "neem dit net so lank as wat jy dit wil hê." So daardie. . . So ek is baie dankbaar daarvoor. Dis baie gaaf.

9 Broer Henry, ek waardeer beslis jou—jou goedheid om my hiernatoe te nooi, en hierdie tak.

10 Ek het die voorreg gehad gisteraand om hieronder te wees by die Gemeentes van God waar ek glo 'n Broer Boone die pastoor is. Het 'n wonderlike tyd daaronder gehad met daardie groep mense. En more–aand gaan ons iewers heen hier oorkant, ek weet nie waar dit is nie, en dis nog 'n tak. Hulle sorg daarvoor; ek hou net aan bid, lees, en gaan saam, en dis omtrent al waarmee ek kan byhou.

11 Maar, nou, ons sien vreemde dinge in hierdie dag. Nou ek het onthou die laaste keer toe ek hier was, was in 'n tentdiens. Ek onthou dat ek daarvan gepraat het gisteraand, van 'n paartjie wat hulle dooie baba ingebring het. Dit—dis iewers hier bo–op, hulle het die heel dag en nag gery. Die moedertjie wat gesit het, treurig, daardie babatjie in haar arms vasgehou het. Nou, sy mag net nou hier sit, vir al wat ek weet. En sy. . . die mannetjie, nog 'n paar paartjies saam met hulle, en hulle

was. . . En sy het gesê. . . my gevra of ek sal oorkom (die man het) na die motor. Ek het die babatjie uitgehaal en het dit net vasgehou; 'n klein, dooie, stywe, koue vorm; en ek het begin bid. En toe ek gebid het, het daardie liggaam gevoel of dit begin warm word. So ek het net. . . Ek het aanhou bid. Hy het begin skop en beweeg, goed aangegaan, so ek. . . begin huil. Ek het dit teruggegee aan die moeder, sy het teruggegaan huis toe daarmee. So, hulle mag miskien nie eens Christene wees nie, vir al wat ek weet. Sien? Dit was wonderlik.

12 Maar waaraan ek dink, vanaand, ek ken 'n kerk wat ook doodgaan, dis ons Pinkstermense. Ons moet hier uitskud, uh–huh, dis al. En die enigste manier wat julle dit gaan doen, is gebed en oplyn met die Woord van God. Dis die enigste manier wat ons dit gaan doen. Daar's net een uitweg, Hy's daardie weg, Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. Sou ons ons kerk in die toestand wou laat beland soos hy gesê het hier oorkant, soos in Engeland? Dis waarom ek, dink julle, so kru was, julle uit te skel. En ek bedoel nie om dit te doen nie, maar ek wil nie sien dat die kerk in daardie soort toestand beland nie. Julle wil nie in daardie toestand wees nie. Maar tog moet jy Dit net so hard inkap, totdat jy Dit vasspyker en Dit laat vasklink. Dit moet gedoen word.

13 So nou, vanaand, het ek net 'n. . . paar Skrifte en teks hier waaroor ek wil praat vir 'n tydjie. Ek gaan geen sekere tyd sê nie. Julle moeg word, wel. . . Ek mag klaar wees binne dertig minute, en hang net af van. . . Ek laat dit net altyd soort van oor aan die Heilige Gees, net waarnatoe Hy ook al lei.

14 Laat ons ons hoofde net 'n oomblik langer buig, praat met die Outeur voor ons Sy Boek oopmaak.

15 Almagtige God, die Outeur van hierdie Boek, deur Jesus Christus bid ons. Ons is dankbaar vir wat ons alreeds gehoor het vanaand. As ons hierdie diens sou—sou beklemtoon deur te sê: "Amen," en huis toe gegaan het, was dit goed om hier te wees, want ons weet dat U met ons was. En, Vader, soos ons hierdie Woord nou open, praat met ons direk uit hierdie Woord, dat ons die uur mag ken waarin ons lewe. As ons die uur ken waarin ons lewe, dan kan ons voorberei vir daardie uur; maar ons blindelings gaan sonder om te weet *wat* of *waar*, dan weet ons nie hoe om voor te berei nie. So, Vader, ons bid dat U ons die Ark daar sal laat sien, en die Deur, oop, en die Boodskap wat ons inroep. Skenk dit, deur Jesus Christus se Naam. Amen.

16 In die Heilige Skrifte, wil ek 'n teks hier lees; gevind oorkant in die Boek van Lukas, by die 24ste hoofstuk, die. . . Ek gaan begin by die 13de vers, en 'n deel Daarvan lees.

> *En twee van hulle was dieselfde dag op pad na die dorp wat agt—agt myl van Jerusalem af was, met die naam van Emmáüs.*

En hulle was in gesprek met mekaar. . . al hierdie dinge wat voorgeval het.

En terwyl hulle praat en. . . kom Jesus self nader, en loop met hul saam.

Maar hulle oë is weerhou, sodat hulle Hom nie kon herken nie.

En Hy sê vir hulle: Watter woorde is dit wat julle met mekaar loop en wissel, en waarom is julle bedroef?

En die een wie se naam Kléopas was, het geantwoord en vir Hom gesê: Is U alleen 'n vreemdeling in Jerusalem en het U nie geweet van al hierdie dinge wat in hierdie dae. . . gebeur het nie?

En Hy sê vir hulle: Watter dinge? En hulle antwoord Hom: Die dinge aangaande Jesus, die Nasaréner, wat 'n profeet was, kragtig in werk en woord voor God en die hele volk;

En hoe ons owerpriesters en die owerstes Hom oorgelewer het tot die doodstraf en Hom gekruisig het.

En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, behalwe dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het.

Maar sommige vroue uit ons het ons ook ontstel nadat. . . vroeg by die graf was;

. . . toe hulle Sy liggaam nie gekry het nie, het hulle gekom en gesê dat hulle ook 'n gesig gesien het van engele wat vir hulle sê. . . wat sê dat Hy lewe.

En sommige van dié wat saam met ons was, het na die graf gegaan en dit net so gevind soos die vroue ook gesê het. Maar Hy hulle. . . maar Hom het hulle nie gesien nie.

En Hy sê vir hulle: o Onverstandiges, met harte wat traag is om te glo (nie te glo nie) *alles wat die profete gespreek het!*

Moes die Christus nie hierdie dinge ly en. . . Sy heerlikheid ingegaan het nie?

En Hy het begin van Moses en al die profete af, en vir hulle uitgelê. . . al die skrifte wat op Hom betrekking het.

Mag die Here Sy seën voeg by die lees van Sy Woorde.

17 Nou neem ek. . . as ek dit 'n onderwerp sou noem, sou ek dit graag wou neem: Die gebeure. . . *Moderne Gebeure Word Duidelik Gemaak Deur Profesie*. Nou, dit was altyd God se. . . die onveranderlike God se manier om voor–. . . Sy mense vooruit te laat weet voor sekere gebeure plaasgevind het.

18 As die mense in die dae van die Here Jesus net God sou gesoek het en geweet het wat net gereed was om plaas te vind, sou hulle Jesus nie ter dood veroordeel het nie. Maar die rede daarvoor was, omdat die Skrif vervul moes word, omdat die Jode verblind moes word. Ons is almal bewus daarvan.

19 Besef julle dat dit weer belowe is in hierdie einste eeu waarin ons lewe? Die Laodicése Kerkeeu, hierdie sewende kerkeeu waarin ons nou is, is nakend, ellendig, blind, en weet dit nie. Dieselfde as wat Hy hulle daar destyds verblind het vir die doel om Sy Boodskap deur te kry na die uitverkore mense, het Hy belowe om dieselfde ding vandag te doen.

20 En as ek dit met respek sou sê, en aan al my broers en susters in Christus, een van hierdie dae gaan iemand sê: "Is dit nie geskryf dat hierdie dinge eers moet plaasvind nie?"

21 En dit sal dieselfde manier wees wat dit toe was: "Voorwaar, ek sê vir julle, hy't alreeds gekom, en hulle het gedoen wat geskryf was, aan hom."

22 Toe hulle Hom gevra het, gesê het: "Wel, die skrifgeleerdes sê, en die Skrifte sê dat—dat 'Elía eers moet kom.'" Hulle het dit vir Jesus gesê.

23 Hy het gesê: "Hy het alreeds gekom, en julle het hom nie geken nie." Sien? En dis miskien hoe dit weer sal eindig.

24 Nou ons wil ingelig wees, om te weet wat moet gebeur vir hierdie eeu waarin ons lewe. God het Sy Woord toegeken aan elke eeu, soveel aan elke eeu, en ons moet oplet dat een eeu nie kan oordra in 'n ander eeu nie. Dit sal net nie werk nie. Byvoorbeeld, soos ek gesê het, ek glo, gisteraand of. . . Ek preek die heeltyd, aand na aand, plekke, en partymaal maak ek die tweede keer 'n opmerking. Ek bedoel nie om myself te herhaal nie. Maar ek sê dit: Wat sou. . . sou dit vir Moses gehelp het om Noag se boodskap te probeer preek? Of wat sou dit gehelp het. . . vir Jesus om Moses se boodskap te probeer preek? Of wat sou dit vir Martin Luther gehelp het om voort te gaan met die Katolieke boodskap? Wat sou dit vir Wesley gehelp het om voort te gaan met die Lutherse boodskap? Wat sou dit die Pinksters gehelp het om voort te gaan met die Metodiste boodskap? Of wat sal dit Pinkster help om voort te gaan wanneer die Bruid geroep word? Sien, ons is reg tot in die saadtyd, ons is hier aan die endtyd. Nou, as 'n koringkorrel nie in die grond val nie, bly dit alleen.

25 Soos die kritikus, soos ek opmerkings gemaak het vandat die boek verskyn het, waarskynlik het julle dit hier in julle—julle stad, daardie Duitse outeur wat een van die mees kritiese artikels geskryf het. Hy's 'n ongelowige. Natuurlik nie. . . Ek veroordeel hom nie omdat hy my so veroordeel het nie; maar, omdat, as 'n ongelowige, die boek nooit op die rakke behoort te gewees het nie. En hy het gesê: "'n God wat kon

opstel en sê dat Hy die Skelfsee kon oopmaak en Sy mense verlos, en dan met Sy hande oor Sy maag sit en sien deur die Donker Eeue daardie Christene stukkend geskeur word deur leeus; daardie moeders met hulle hare geweek in teer, en aan kruise gehang en verbrand; en hulle baba . . . verwagtende moeders, hulle sou die maag oopsny en dobbel oor die geslag van die kind; en dit opstel en dit laat gebeur; mense wat veronderstel was om dienaars van hierdie God te wees."

26 Julle sien, die Skrif is inspirasie. Jy sal nooit in staat wees om die Skrif te ken deur net te gaan sit en Dit te lees uit 'n teologiese standpunt, uit 'n geleerdheid standpunt nie; dit het nooit gewerk nie.

27 Ek het gepraat met 'n Baptiste prediker nie lank gelede nie, hy het gesê: "Totdat ons die korrekte Grieks leer, totdat ons . . . "

28 Ek het gesê: "In die Niceense Raad, voor dit, het hulle gestry oor die Griekse woorde in die Bybel." Jy sal Dit nooit ken nie.

29 Die Bybel moet geopenbaar word deur inspirasie. Dis die enigste ding, die openbaring. Jesus het vir Petrus gesê: "Op hierdie rots." Hierdie rots van openbaring openbaar wie Hy is. "Geseënd is jy Simon, seun van Jona, vlees en bloed het dit nie aan jou geopenbaar nie, maar My Vader wat in die Hemel is het dit aan jou geopenbaar; op hierdie rots sal Ek My Kerk bou." Nie op Petrus nie, nie op Homself nie, maar op die geestelike openbaring van wie Hy was.

30 En Hy is die Woord! Johannes 1: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Hebreërs 13:8: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd."

31 Daarom lewe ons in die dag wanneer die manifestasie van die Woord van God na 'n ander eeu gekom het as die Pinkstereeu. En dis reg. Onthou, julle sal . . . Ek is 'n ongeleerde persoon; maar jy kan nie die natuur klop nie, want God werk in die aaneenlopendheid van die natuur. Net soos, soos ek gesê het, die son opkom en ondergaan; en deur die dag gaan, en soos 'n skooleeu; en sterf in die aand, om weer op te kom die volgende oggend. Die bome laat die sap afgaan in die wintertyd, in die wortels ingaan, en terugkom in die lente.

32 Let op, Hy het Dit met 'n koringkorrel vergelyk, die Bruid, die rede waarom God dit moes laat gaan soos daardie. Daardie goeie, regte, egte Kerk wat gevestig is op die Pinksterdag, het gegroei en gegroei vanaf die Pinksterdag, in 'n groot kerk in, dit moes val in die aarde in daardie Donker Eeu en begrawe word soos alle saad moet. Dit moes sterf sodat dit weer kon voortkom in die hervorming. Dit het voortgekom in die persoon van 'n hervorming, Martin Luther. En daarvandaan, net soos 'n stingel koring wat opkom. Die eerste ding wat

opkom, daar's twee blaartjies, dan bly dit nog blare byvoeg. Op het Martin Luther gekom, en toe Zwingli, ensovoorts, Calvyn, en soos hulle aanbeweeg het.

33 Uiteindelik gaan dit in 'n pluim in. Nou, dit was John Wesley in die Wesley eeu. Dit het 'n stuifmeel laat afval.

34 Van daar het die Pinkstereeu gekom, so naby, net soos 'n ware koringkorrel as jy na die stingel kyk. Maar as jy daardie koring sal neem en dit terugtrek, is daar glad nie een korrel daarin nie, dis net 'n dop in die *vorm* van 'n korrel. Maar dis daar geplaas vir 'n doel, om die korrel te beskerm totdat . . . As die son dit soos *daardie* tref, sal dit dit doodmaak.

35 Dit moet daarin bly tot 'n sekere tyd, en al die Lewe die dop verlaat (soos Dit die stingel verlaat het, die stuifmeel verlaat het), verlaat die dop en gaan in die koring in, en vorm weer net soos dit was onder in die grond.

36 Nou, almal van ons weet dat wanneer 'n boodskap ook al gegee is, hulle binne drie jaar 'n organisasie vorm. Wanneer hulle dit doen, maak dit dit net daar dood; dit het in die dae van Luther, so het dit dit gedoen in die dae van Wesley, het dit dit gedoen in die dae van Alexander Campbell, en al die res van hulle, en dit het dit gedoen in die dae van Pinkster. Presies! Sien? Jy kom by 'n punt, elkeen word styf, en gaan af, en hulle kan nie nuwe openbaring ontvang nie. Hulle het gevestig geraak; en daar is hulle, en daar sterf hulle. En die Lewe gaan reg daardeur, en gaan reguit aan om die koring te maak. En wanneer die koring kom, daardie Lewe wat gegaan het deur die koring, die opstanding, bring die hele ding uit; ja, bring boontoe vir die Wegraping.

37 Nou, onthou, hierdie Boodskap het eers begin met Goddelike genesing, wonderwerke gedoen. Nou, as God dit deur 'n gewone kerk laat gaan het, net soos ons alreeds gehad het, dan was dit nie God nie. God hoef nie af te wys nie; Hy hoef nie—Hy hoef nie hierdie dinge te doen, om ons te vermaak, soos waarin ons Amerikaners gewoond is (vermaak) nie, maar Hy doen dit om die aandag van die mense te trek dat Hy gereed maak om iets te doen.

38 Kyk na Hom Self toe Hy gekom het. "Die wonderlike profeetjie, die rabbi, die, profeet van Galiléa." Wel, Sy bediening was wonderlik, Hy was welkom in elke kerk.

39 Maar eendag het Hy gaan sit, gesê: "Ek en My Vader is Een."

40 "O, goeiste!" Dit was uit. "Weg met so 'n kêrel!"

41 "As julle die vlees van die Seun van die mens nie eet, en Sy Bloed drink nie, het julle geen Lewe in julle nie."

42 "Wel, hy's 'n vampier! Kom weg van so 'n persoon!" Sien?

43 Sien, daar was iets wat daardie teken moes volg. Sien, iets het gevolg.

44 Die dop het dit vasgehou, maar nou het die dop weggetrek; dit moet. En onthou, twintig jaar het verbygegaan en geen meer denominasies het daaruit gekom nie, en dit sal nie. Ons is aan die einde van denominasies, die koring neem vorm aan. Maar wat is die probleem nou met die koring, jy kan nie . . . dit moet lê in die Teenwoordigheid van die Seun, om ryp te word, voor die stroper dit optel.

45 Nou, die gebeure wat ons sien plaasvind, dit word absoluut gewys in die Bybel, van elke eeu. Ons dink ons is heeltemal van balans af, maar ons is nie, alles beweeg net presies saam met God se Woord.

46 Nou, die Bybel is ’n verskillende boek van enige ander heilige boek. Daar’s geen boek soos die Bybel nie, want die Bybel is God in woordvorm. Sien? Dis . . . ’n Woord is ’n uitgedrukte gedagte. God se denke het Dit uitgedruk, Sy Woorde deur die profete; en hulle het die Bybel geskryf, wat in woordvorm is. En Jesus het Dit genoem: “’n Saad.” En enige saad sal voortbring van sy soort as dit in die regte toestand is, die regte atmosfeer. Nou, hierdie Boek van . . . is ’n . . . Hierdie Boek van profesie, Dit—Dit voorspel toekomstige gebeure. Nou, die Boek bevat die hele openbaring van Jesus Christus. Jy voeg nie Daarby of neem Daarvan weg nie, en elke openbaring moet Daardeur kom. Sien, dit moet die Woord wees.

47 So mense sê: “Ek het ’n openbaring gekry.” Ja, ons weet Joseph Smith en baie het openbaringe en dinge gehad, maar was teenstrydig met die Woord.

48 Dit moet kom volgens die Woord as dit van God af kom, want dit moet bevestig of God se Teenwoordigheid te bewys. En Hy het al hierdie dinge vooruit geweet, as . . . Deur Sy voorkennis het Hy verordineer, voorbeskik (dit word genoem in die Bybel: “voorbestem”) elke eeu na sy plek, en elke man na sy plek, en elke boodskapper na sy plek. Hy is, God, die Duiwel flous Hom glad nie. En Hy’s God, en Hy het alles verordineer om te gebeur, en val net presies in lyn met Sy Woord.

49 So as ons kan sien, deur Sy Woord, watter eeu en watter tyd ons in lewe, julle sal dit net hier in die Bybel sien, van hierdie eeu, wat ons veronderstel is . . . wat veronderstel is om plaas te vind op hierdie tyd.

50 Nou, die—die ander boeke, ons vind baie boeke wat hulle noem “heilige boeke,” ensovoorts. En ek het die—die Koran gelees en baie ander. Maar, julle sien, hulle—hulle heilige boeke is net ’n kode van etiek, van sedes, of van teologie.

51 Maar hierdie Boek is ’n Profeet, Dis anders as enige ander boek. Die Bybel is die Woord van God wat die toekoms voorspel. Dit voorspel omdat Dit vooraf gewaarsku is.

52 As God enigiets stuur, sê Hy en het in die Bybel belowe dat Hy niks op die aarde sou doen totdat Hy dit eers geopenbaar het aan Sy diensknegte die profete nie. Dis Amos 3:7. Hy . . . en God kan nie lieg nie. Hy openbaar Dit, dis hoe Hy dit gedoen het reg af deur die eeue. Hy het nooit nagelaat om dit te doen nie.

53 Nou, ons is belowe, in die laaste dae, dat dit herstel moet word. Daar sal geen—geen kerk wees nie, geen denominasie nie, Metodis, Baptis, Presbiteriaan, Pinksters, hulle sal nooit (in hulle moderne toestande) ooit hierdie kerk na 'n Bruid neem nie. Hulle kan dit nie doen nie, hulle faal. Hulle is te veel teen mekaar se kele, en wêreldsheid het ingekruip, ensovoorts, en—en hulle het gesterf reg in hulle spore. En so God weet dit.

54 En om hierdie Woord te openbaar, sê een: "Wel, ek het *dit*. En seën God, Dis *so*." Dis net hoe dit was toe Jesus die eerste keer gekom het; elkeen het 'n doktriene, elkeen het *dit* gehad. Dit sal iets moet wees van God af vir ons gestuur. En God het dit belowe. En die enigste manier wat Hy sal maak, is—is om Sy selfde patroon te behou. Hy het belowe om vir ons te stuur, in hierdie laaste dag, volgens Maleági 4, 'n profeet op die aarde: "Wat die harte van die mense sou terugdraai, die harte van die kinders weer terug na die apostoliese vaders." Hy het dit in Sy Woord belowe. Lukas 17 en baie ander plekke wat Hy dit belowe het, dat Hy . . . wat Hy sou doen in hierdie laaste dae om hierdie ding te bring tot 'n bevestigde Woord.

55 Sien, 'n man kan enigiets sê, maar as God nie daardie Woord interpreteer nie . . . Sien, nou, ons het ons eie interpretasie, ons sê Dit beteken *dit*. En hierdie een, Metodis, sê *dit*, die Baptis sê *dit*, die Pinkster het *dit* gesê, die Eenheid sê *dit*, die Tweeheid sê *dit*. En, o, goeiste, daar het julle dit. Maar God het geen interpreteerder nodig nie, Hy's Sy Eie interpreteerder, Hy interpreteer Sy Eie Woord, deur Dit te bevestig in die eeu waarvoor Dit bedoel is, die, eeu waarvoor Dit gegee is.

56 Ons lewe nie in 'n Pinkstereeu nie, ons lewe in 'n ander eeu. Sien, ons lewe nie in 'n Metodiste eeu nie, ons lewe in 'n ander eeu. Ons lewe hierbo op by die Bruideeu, die uitroep van die Kerk en Dit bymekaarmaak vir die Wegraping. Dis die eeu waarin ons nou lewe. Volgens my eerlike opinie, is dit presies die Waarheid.

57 En hierdie Boek is 'n boek van profesie. Sy gelowiges word beveel om Dit te eer en Dit te lees, en Sy Outeur te glo, want elke Woord wat daarin geskryf is moet gebeur. Elke ding wat belowe is moet gebeur, want Dit is Jesus Christus in elke eeu. Dieselfde gister, dit was Jesus Christus, in Noag was; dit was Jesus Christus in Moses, dit was Jesus Christus in Dawid, dit is Jesus Christus in Josef; dis Jesus Christus, dieselfde gister,

vandag, en vir altyd. En dis Jesus Christus onder Sy mense vandag, wat dieselfde dinge doen wat Hy belowe het Hy sou in hierdie eeu doen. Dis Jesus Christus.

58 Maar die kerk het so styf geword, so ver weg, soos die broer hier gesê het. En—en ons kerke word dieselfde, totdat ons iets moet kry om ons terug te skud na die Woord. Hoe weet ons dit gaan dit doen? Dit moet kom volgens God se Eie plan. Dit kan nie kom deur die leke nie, dit sal nie kom deur die sakeman nie, dit kan nie kom deur kerke nie. God het Sy plan neergelê.

59 Ek het gepraat hier in Shreveport nou die dag, op 'n nasionale uitsending oor die volk, daardie: *God 'n Diens Te Probeer Bewys Sonder Dat Dit God Se Wil Is*. Dawid het probeer om die ark van God terug te bring na die huis. Hy was gesalfde koning. Wel, hy—hy het sy—sy afgevaardigdes geraadpleeg, sy owerstes oor duisende, en tienduisende, ensovoorts. En hulle het almal gesê: "Dis die Woord van die Here." En hy het die priester geraadpleeg: "Dit was wonderlik." En hulle het almal so geïnspireerd geraak, hulle het geskree, hulle het elke godsdienstige daad gedoen wat daar was. En hulle was absoluut teenstrydig met God se wil, omdat daar 'n profeet in die land was, met die naam van Natan en hy was nie eens daaroor geraadpleeg nie. Sien? En ons het uitgevind dit het nie gewerk nie, hoewel hulle opreg was, God 'n diens probeer bewys het.

60 En jy kan o so opreg wees; maar, totdat ons weet wat ons doen, veg jy teen die lug. Kom terug in die Woord van God en word opgelyn, en gaan dan; dan weet jy. Soos 'n—'n soldaat, nie weet wat om te doen totdat hy bevele kry om dit te doen nie. Ons moet Christen soldate wees, en bevele uit die Bybel kry vir hierdie uur nou; nie die opdrag gister, die opdrag die dag tevore nie, maar die opdrag vandag (waarnatoe ons gaan). Vind die uur uit waarin ons lewe.

61 En hierdie moderne gebeure gaan te vinnig by ons verby, en eendag gaan ons uitvind ons sal agtergelaat word sonder niks, en gevang word, verseël in die merk van die dier voor ons dit weet.

62 Nou, en met geduld moet ons wag hiervoor, vir die profesieë wat belowe is, elkeen van hulle moet vervul word in sy eeu. Want Dit voorspel vir ons, die Outeur het dit tevore gedoen, en ons wag om Hom dit weer te sien doen. Watter tyd is dit waarin ons lewe! Iets soos 'n—'n kalender; jy kyk na die kalender om te kyk watter dag van die jaar jy in lewe, en jy kyk na God se Bybel om te sien in watter eeu ons lewe. Ons lewe nie in die Metodiste eeu, die Baptiste eeu nie. Ons lewe in die Bruideeu, die roeping, terugbring na God deur 'n kanaal wat Hy belowe het om dit in terug te bring. Hy het belowe om dit te doen.

63 Maar soos dit was in elke eeu, laat mense die mens hulle eie interpretasie Daarby voeg deur teologie, en wil nie God se Goddelike bevestiging Daarvan glo nie (dis, God se interpretasie); nie wat ek sê, wat iemand anders sê nie; maar wat God belowe het en wat God doen, bewys dat dit God is wat Sy Eie interpretasie van Sy Woord doen.

64 Hulle het vir julle Pinksters gesê, vyf–en–veertig, vyftig jaar gelede. Julle moeders en vaders, toe hulle ware pinksters was, uitgekom het uit 'n organisasie en die ding vervloek het en daar uitgestap het. Toe, soos 'n hond na sy braaksel, weer reg daarin teruggegaan. Dieselfde ding gedoen wat daardie kerk doodgemaak het, julle het julle eie doodgemaak deur dieselfde ding. Niks teen die mense daarin nie, niks daarteen nie, dis die stelsels van die ding wat dit doen.

65 Tuis, ek's...gaan huis toe...Ek preek dit nie in ander manne se diens nie. Ek gaan *Die Spoor Van Die Slang* preek, en luister daarna as julle die bande neem.

66 En, let op, hulle het die bevestiging van die profesieë van God se Woord wat vervul word, misgekyk. As daardie priesters...Hulle het dit klaar gehad net presies hoe die Messias sou kom, hulle het geweet wat sou plaasvind. Die—die Fariseërs het hulle idee gehad, die Sadduseërs, Herodiane, en, o, hulle het hulle idees gehad. Maar Hy't nie gekom...Hy het teenstrydig gekom met elkeen van hulle, maar presies volgens die Woord. Jesus het gesê dieselfde ding was hier: "As julle My sou geken het, moes julle My dag geken het. As julle geken het, sou julle...Julle sê: 'Wel, Moses! Ons het Moses.'" Gesê: "Wel, as julle Moses sou geglo het, sou julle My geglo het; want, hy het geskryf van My."

67 Maar, sien, toe God bevestig het presies wat Hy belowe het, het hulle dit op een of ander deftige manier gehad wat Jesus veronderstel was om te kom, en die...Ek bedoel die Messias. Die Messias moes reg na hulle groep kom, of hy was nie die Messias nie. Wel, dis amper so, vandag: "As jy nie deur my bril kyk nie, kyk jy glad nie." Sien, en so is dit—is dit net soos dit—dit is. Ons...Dis die waarheid. Ons haat om dit te dink, maar dis absoluut die Waarheid.

68 In Hebreërs 1:1, het God in Ou tye die Bybel geskryf op Sy Eie gekose manier. Hy het Dit nooit geskryf deur teoloë nie, nog minder interpreteer Hy deur teoloë. Daar was nooit 'n tyd wat—wat die teoloë ooit 'n interpretasie gehad het van die Woord van God nie. Die interpretasie kom slegs na 'n profeet. En die enigste manier wat ons ooit uit hierdie gemors gaan kom, is vir God om vir ons daardie profeet te stuur, net presies, die enigste manier wat dit gedoen gaan word. Dit is geglo, uitgekyk voor, en—en vervulling.

69 Sien, Dit is nie geskryf deur die mens nie, maar Dit is geskryf deur God. Dit is nie 'n mens se boek nie, Dis nie 'n teoloog se boek nie. Dis die Boek van God, wat 'n Boek van profesie is, geskryf deur die profete en geïnterpreteer deur die profete. Die Bybel het gesê: "Die Woord van die Here kom na die profete." Presies!

70 Hoe pragtig was dit geïllustreer, of, gedemonstreer, toe Jesus op aarde gekom het, en Johannes die profeet van daardie dag was, en hy—hy het geprofeteer. Hulle het gesê: "O, jy bedoel dat God ons groot verenigings hier en al hierdie dinge gaan afbreek? En daar gaan 'n tyd wees, wanneer ons—ons tempels nie meer in aanbid gaan word nie?"

71 Hy het gesê: "Daar sou 'n tyd aanbreek wanneer God 'n offer sou maak uit die Lam van God, 'n mens." En hy het gesê dat—dat hy Hom sou ken wanneer Hy kom. En hy het gesê. . . Hy was so seker van sy boodskap, hy het gesê: "Hy staan reg onder julle nou, en julle weet dit nie." Hy's reg onder julle en julle weet dit nie.

72 En eendag toe Jesus uitgestap het, het Johannes opgekyk en daardie teken bo Hom gesien, hy het gesê: "Aanskou, die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem." Daardie selfde minuut het Jesus geweet dat Hy bevestig was voor die mense. Nou, Hy was die Woord, sou ons dit betwyfel? Die Bybel het gesê Hy was die Woord: "In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." En hier is Hy, die. . .Hier's die Woord op aarde (kyk! volmaak!) kom reguit in die water in na die profeet.

73 Dis reg, die Woord kom altyd na Sy profeet. So ons kan nie verwag dat Dit na die teoloë kom nie. Ons kan nie verwag dat Dit na die denominasies kom nie. Dit moet volgens God se kanaal nou kom waarvan Hy ons vooraf gesê het, en dis die enigste manier wat Dit ooit sal kom. Dit sal gehaat word, verag, verwerp. Wanneer Dit wel kom, sal Dit uitgegooi word na een kant, en alles, maar God sal dit in elk geval doen. Dit is verwerp in Jesus Christus, dit is verwerp in Johannes, dit is verwerp deur Jeremía, dit is verwerp deur Moses. Dis altyd so. Maar God beweeg reguit aan op die manier wat Hy belowe het Hy sou dit doen. Ja, meneer, Hy laat nooit na om dit op dieselfde manier te doen nie.

74 Die man wat die visioen gesien het of Sy stem gehoor het, het Dit nooit heeltemal verstaan nie. In baie gevalle het hy nie geweet nie, omdat hy net 'n instrument van God is. Dis God se gedagte wat uitgedruk is deur die mens se lippe; 'n gedagte, natuurlik, is 'n uitgedrukte woord. God doen Sy eie keuse deur Sy—Sy voorbestemde keuse. Hy het dit gedoen in elke eeu, Hy het die man uitgesit vir elke eeu. Soos toe Moses, hy moes

vervul wat Hy vir Abraham gesê het. Moses was 'n egte kind gebore, hy kon nie help om so te wees nie. Hy is so gebore, omdat hy gebore is vir daardie doel.

75 En so vind ons uit dat God dit doen in elke eeu. God maak Sy Eie keuse deur Sy eie voorbestemde keuse, kies Sy profete en dinge vir die eeu. Stel—stel sy natuur vas, die man se natuur, die man se styl van preek, om sy gawe te eer, en alles wat Hy doen is om die uitdaging van daardie dag te trotseer. God skep daardie man en het hom gestuur. En in Sy eie gedagte, soos ek oor gepreek het gisteraand, ons is 'n kiem van die geen van God. Hy het geweet daardie man sou daar wees by daardie eeu, voor daar ooit 'n molekule was, of 'n lig, of enigiets anders in die aarde.

76 Want jy is 'n geen van jou vader, en jy was in jou vader, tog het jou vader geen gemeenskap met jou gehad nie, want hy. . . Jy was daarbinne, maar jy het dit nie geweet nie, en hy het dit nie geweet nie, maar jy is gemanifesteer dat jy mag. . . dat hy gemeenskap mag hê met jou. En jy wat wedergebore is, jy is gebore uit Ewige Lewe. En dit is die enigste een vorm van Ewige Lewe, en dis God se Lewe, *Zoe*, die Griekse woord "*Zoe*," net een vorm van Ewige Lewe.

77 Dan as jy 'n seun van God of 'n dogter van God is, was jy die heeltyd in God. Maar Hy het geweet watter bed en tyd jy in geplant sou word. So nou word jy 'n skepsel gemaak, 'n seun van God, gemanifesteerde seun of dogter van God om die uitdaging van hierdie uur te trotseer om die ware en lewende God van hierdie uur te bevestig, die Boodskap wat voortkom in hierdie tyd. Dis reg! Jy was klaar daar voor die grondlegging van die wêreld. As dit nie was. . . As jy nie so gekies was nie, hoeveel jy ook al probeer om Dit na te boots, sal jy dit nooit maak nie. Hoe kan jy bloed uit 'n raap kry wanneer daar geen bloed daarin is nie?

78 Dis waarom ek probeer sê oor. . . Dan mense wat gedink het ons was. . . ons skree teen vroue oor kort hare, en mense wat vir my vertel oor daardie dinge sê: "Jy gaan jou bediening ruïneer." Ruïneer 'n bediening wat God Homself verordineer het? Ver daarvan! En wanneer mense die Woord van God hoor. . . Wanneer 'n babatjie verwag word in die baarmoeder van 'n moeder, wanneer daardie een sel daar ingaan, groei nog 'n sel daar bo–op. Dis nie een sel van 'n mens, die volgende van 'n hond, en die volgende van 'n kat, en die volgende van iets anders nie; dis absoluut, regdeur, menslike wese. En wanneer 'n mens gebore is uit die Gees van God, hy nie enigiets anders in sy lewe inspuit nie, is Dit onvervalste Woord van God bevestig vir daardie uur. Hy neem die volle Woord van God, hy sit geen geloofsbelydenisse, niks anders Daarin nie. Dis suiwer onvervals, God se Woord gemanifesteer onder ons.

79 Kyk in die Bybel, julle sien waar, watter eeu ons dan in lewe, wanneer julle hierdie groot dinge sien wat gemanifesteer word. Wanneer God belowe het om dit te doen, doen Hy dit altyd aan die einde van elke eeu, wanneer die kerk gekom het by die draaipunt, en weggedraai is van die Woord terug na sonde en wêreldsheid. Wêreldsheid is sonde. Die Bybel het gesê: "As jy die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie eens in jou nie."

80 Gisteraand gepraat, ek het gepraat oor die—die offerhande wat geoffer is, die lam. Dit moes sewe dae wees, wat die sewe kerkeeue voorgestel het. Daar moes geen suurdeeg gevind word onder die mense nie, geen suurdeeg vir sewe dae nie. Dit beteken dat niks Daarmee gemeng moes word nie, Dis ongesuurd, die heeltyd. En ons wil geen geloofsbelydenisse, suurdege en dinge met ons gemeng hê nie. Ons wil nie wêreld met ons gemeng hê nie. Dit moet die ongesuurde Brood van God wees, die Woord van God, die onvervalste Woord van God, wat: "Die mens sal lewe deur elke Woord wat uit die mond van God uitgaan."

81 Ons denominasionele stelsels, en verskille en dinge, het suurdeeg in ons gesit, en *hierdie* en *daardie* en wêreldsheid en mode. En, o, dit het so geword dat dit amper Hollywood oral is. Dit sal uiteindelik kom om soos Engeland te wees, en 'n altaaroproep 'n skande van gemaak sal word. Goeiste! Soos broer gesê het: "Hoe kan jy die vis in die boot kry?" Dis reg.

82 Ons moet die Evangelie gepreek laat word in Sy volheid, met die krag van God om dit volgens die belofte van die eeu te bevestig en te bewys dat dit presies God se wil is. Buiten Dit is jy net 'n kerklidmaat, maak nie saak hoeveel jy probeer nie, jy probeer om God 'n diens te bewys. Jy mag gaan na die stik–en–naaldwerk partytjie, jy mag o so getrou wees aan die kerk; maar sonder dat daardie kiem van Ewige Lewe in jou voorbeskik was, om 'n seun of dogter van God te wees, sal jy grootword as 'n vervormde iets; maar nooit 'n ware, egte seun of dogter van God wees nie.

83 Gee dikwels my storietjie van 'n arendjie. Hoe die boer die hen eenkeer geplaas het, en hy het. . .Ek hoop dit klink nie ontheiligend vir julle nie. Maar 'n boer het 'n hen geplaas, en sy was. . .een eier gekort om 'n broeisel te hê. Ek betwyfel of enigiemand hier weet wat 'n broeisel eiers is, uit hoeveel dit bestaan. Maar, in elk geval, hy het een eier gekort, het nie genoeg gehad nie. So hy het die arend se nes beroof, sy het twee eiers gehad. En hy het die eier onder die hen geplaas.

84 Toe daardie arend uitgebroei was onder al daardie hoenders, was hy 'n snaakse voël. Hy kon nie die gekloek van die hen verstaan nie, het nie gepraat soos sy. . .soos hy haar wou hoor praat nie. En sy het gekrap in die werf, en geëet uit

die werf, dit was nie kos vir hom nie. Hy was 'n lelike eendjie onder hulle. Die hen sou kloek en hy het dit nie verstaan nie. Sy hierdie kant toe sou gaan en *dit* eet en *dat* eet, sou hy dit nie verstaan nie. So eendag het sy mammie, of moeder, liewer, vir julle. Ek. . .In die Suide sê ons "Mammie."

85 So, in elk geval, hy. . .sy—sy—sy moeder het geweet sy het twee eiers gehad, en net een van hulle was daar, sy het na die ander een gaan soek. Sy het gesirkel elke. . .oor die land, en uiteindelik het sy oor die werf gevlieg. Sy het hom daaronder gesien terwyl hy die ou hen volg. Sy het geskree: "Junior! Jy's nie 'n hoender nie, jy's 'n arend!" Dit het net reg geklink vir hom. Hoekom? Hy was 'n arend om mee te begin.

86 En wanneer 'n man of vrou gesit het onder die geloofsbelydenisse en koue, formele godsdiens, as hy verordineer is om 'n seun van God te wees, en hy sien die Woord van God gepreek in Sy krag, en God wat Dit bevestig; hy 'n arend is om mee te begin, sal hy Daarnatoe hardloop so seker as wat twee twee's vier is. Hy kan dit nie help nie, want sy einste natuur is lief vir die Woord van God. Ek gee nie om wat enigiemand anders sê nie, wanneer hy die Woord van God gemanifesteer sien word, vlieg hy Daarnatoe omdat hy 'n arendjie was.

87 Soos hulle voortgaan om te sê, het hy gesê: "Mamma, hoe gaan ek opkom van hier af?"

88 En Hy het gesê: "Maak net 'n sprong, Ek sal jou vang."

89 En dis die enigste ding wat jy hoef te doen, is om een sprong op jou voete te maak, een sprong na God, een belofte: "Here Jesus, ek glo U met my hele hart. Ek glo die Boodskap van die uur. Ek sien Dit word bevestig, en ek weet Dis reg." Spring op jou voete, Mamma sal jou vang. Moenie bekommerd wees nie, jy's 'n arend, sy sal net daar wees om jou te kry.

90 Nou, ons besef dat ons lewe in 'n geweldige tyd en 'n groot tyd, maar wanneer die waarhede van hierdie Bybel, gelowiges dit bevestig gesien maak word, die einste bevestiging Daarvan is die bewys dat God Daarin is. Absoluut! Dis dan dat die beloofde Woord wat. . .God se belofte bekend gemaak word. Die saad het uitgebars, en hulle sien Dit en hulle glo Dit. Andere kan Dit net nie sien nie, op 'n manier sal hulle net sit en Daarna kyk.

91 Julle weet, ek het hard genoeg gepreek om—om. . .oor hierdie land, dat daar nie 'n korthaar vrou in die land behoort te wees nie. Maar, elke keer as ek terugkom, is daar meer. Wat is die probleem? Daar's iets verkeerd! Julle weet die Woord sê dit! Julle sê: "Wel, dit maak nie enige verskil nie." Dit maak 'n verskil!

92 Daar's 'n gawe broer, het gesê: "Ek gaan hande op jou lê, Broer Branham. Ek het jou lief. Jy ruïneer jou bediening." Gesê: "Jy het geen besigheid om daardie vroue daarvan te vertel nie." Gesê: "Laat die pastore dit doen."

93 Ek het gesê: "Hulle doen dit egter nie." Ek het gesê: "Nou . . . "

94 Hy het gesê: "Wel, dis nie jou besigheid nie, jy bid net vir die siekes."

95 Ek het gesê: "Wie se besigheid is dit, dan? Ek is geroep om die Evangelie te preek."

96 Gesê: "Ek sal hande op jou lê en God vra om dit weg te neem van jou, dan."

97 Ek het gesê: "Sal jy my laat—laat hande op jou lê, ook." Sien? En ek het gesê: "Ek sal bid dat God jou oë oopmaak en jy Dit sal sien." So, dis reg!

98 Hy het gesê: "Jy behoort te preek . . . Die mense glo jy's 'n dienaar, 'n profeet van God." Hy het gesê: "Jy behoort daardie vroue te leer hoe om—om groot gawes te kry en te profeteer en dinge."

99 Ek het gesê: "Hoe kan ek hulle algebra leer wanneer hulle nie eens hulle ABC's wil glo nie?" Dis reg! So jy—jy kan dit nie doen nie. Dis net in elke . . . Dis reg. As jy nie die gewone dinge kan doen nie, hoe gaan jy die geestelike dinge doen? Die natuurlike dinge. Sekerlik! Broer, suster, dit mag klink soos 'n grap, maar Dis die Evangelie! Dis die Evangeliese Waarheid. Dis reg!

100 Let op, ons vind vandag dat mense . . . Daar's baie mense wat Dit net nie kan glo nie, selfs Gees–vervulde mense. Ek sal vir julle een gee wat julle sal versmoor. Die doop van die Heilige Gees beteken nie jy gaan in nie, glad nie, nie daarop nie, het niks met jou siel te doen nie. Dis die doop, sien. Hier's die binneste siel, *hierbinne*, wat van God af moet kom. Maar dan aan die buitekant het jy vyf sintuie, en vyf uit . . . inlate na jou . . . jou aardse tuiste te kontak. Die binneste, het jy 'n gees, en daarin het jy vyf uitlate: jou gewete, en liefde, ensovoorts, vyf uitlate vir daardie gees. Onthou, in daardie gees kan jy gedoop word met die ware Gees van God en steeds verlore wees. Dis die siel wat lewe, wat verordineer is van God.

101 Het Jesus nie gesê: "Baie sal na My kom in daardie dag en sê: 'Here, het ek nie duiwels uitgedryf, groot en magtige werke gedoen, geprofeteer, die groot gawes van God nie?'" Hy het gesê: "Gaan weg van My, julle wat ongeregtigheid doen, Ek het julle nooit eens geken nie. Baie sal kom op daardie dag."

102 Het Kajafas nie geprofeteer nie? Hy was 'n duiwel. Ons vind uit daar . . . En daardie priesters, daardie groot manne,

veronderstel was om groot leiers in daardie dae te wees, met nederigheid en alles anders, maar kon nie die Woord van God Self sien wat gemanifesteer word voor hulle nie.

103 Ons kon net 'n klomp van hulle neem wat ek hier neergeskryf het. Wat van Bileam? Hy was 'n. . .Julle sê: "God verander Sy gedagte." Hy verander nie Sy gedagte nie!

104 Toe Bileam uitgegaan het as 'n profeet, en daarnatoe gegaan het, 'n biskop, prediker, wat jy hom ook al wil noem, hy was 'n groot man. Maar toe hy God geraadpleeg het om daarnatoe te gaan en Israel te vervloek; hy het nie van hulle gehou om mee te begin nie, so hy het gevra om te gaan. God het gesê: "Moenie gaan nie!"

105 Toe het hulle 'n hooggeplaaste gestuur oor 'n. . . miskien van biskoppe of presbiters, of iets, onder, gesê. . .meer geleerdhede om hom te oortuig. Hy het teruggegaan en God weer gevra. Jy hoef God nie die tweede keer te vra nie! Wanneer God dit eers sê, is dit Dit! Jy hoef niks te wag nie.

106 Rebekka het nie gewag om die tweede bevel te kry nie. Hulle het vir haar gevra, gesê: "Sal jy gaan?"

107 "Laat haar sê."

108 Sy het gesê: "Ek sal gaan!" Sy was deeglik geïnspireerd van God. Sy het een van die koninginne van die Bybel geword vir die optrede volgens die pulsasie van die Gees van God wat oor haar beweeg het om te ontvang wat absoluut die waarheid was, en sy het dit geglo.

109 Nou vind ons uit, Bileam, natuurlik, hy kon nie sien nie. Hy het uitgegaan en na die mense gekyk, gesê: "Nou, wag net 'n oomblik! Ons is 'n yslike, groot volk hierbo, julle is net 'n verstrooide klomp." Julle sien? "En ons almal—ons almal glo die, selfde God."

110 Dis waar. Hulle het almal dieselfde God geglo, en hulle het almal Jehova aanbid. Kyk na Bileam se offerhande: sewe altare, God se volmaakte getal; die sewe kerke, sien; sewe ramme, wat praat van die koms van die Here. Fundamenteel, was hy net so fundamenteel as wat Moses was; maar, julle sien, daar was nie 'n Goddelike bevestiging nie. Daarbinne, was hulle albei profete.

111 Maar onder Moses se bediening, was daar 'n bonatuurlike Vuurkolom, 'n Lig wat gehang het by die kamp. Daar was Goddelike genesing, daar was 'n geroep van die Koning in die kamp, groot tekens, Goddelike genesing, en wonders en dinge onder hulle gedoen. Dit was 'n teken van 'n lewende God onder Sy volk.

112 Fundamenteel, was hulle albei reg. En Bileam het die volk probeer oortuig, en hulle betower daarin. Wanneer? Net voor hulle die Beloofde Land bereik het. Nog 'n dag of twee, sou hulle in die Beloofde Land gewees het.

113 Maar nou is ek bang. . . Hierdie is ’n harde merk om te maak, een van hierdie dae sal ek Daarvoor geskiet word. Maar onthou dit, dat, die kerke betower word deur hierdie Ekumeniese Raad, hy neem julle reguit daarin, om te sê: “Julle is dieselfde groep.” Julle is nie dieselfde groep nie! Kom uit onder daardie goed en word afgesonder! Is beslis, Dis waar. Ons moet wegbly van daardie goed, so ver as julle kan daarvan.

114 Bileam het gesê: “Ons is. . . kom ons laat ons kinders met mekaar trou, want, in elk geval, glo ons dieselfde God.”

115 “Hoe kan twee saamloop behalwe as hulle saamstem?” Hoe kan jy met God wandel as jy nie met Sy Woord saamstem nie? Hoe kan jy geloofsbelydenisse ensovoorts weer byvoeg, wanneer jy verordineer is om dit nie te doen nie, of, beveel is om dit nie te doen nie? Jy kan dit nie doen nie. Daar’s geen manier om dit te doen nie, broer, suster. Jy kan nie daardie suurdeeg met die ongesuurde meng nie. Olie en water sal nie meng nie. Duisternis en lig sal nie meng nie. Lig is soveel sterker, dit doof net die duisternis uit.

116 En so kan ons dit nie vermeng nie. Nog minder kan jy sonde van die wêreld vermeng. Jy kan nie Kerk en denominasie vermeng nie. Jy kan nie Kerk en geloofsbelydenis vermeng nie. Jy kan nie die wêreld en die Evangelie vermeng nie. Dit sal nie meng nie! “Kom uit onder hulle, wees julle afgesonder,” sê God: “Ek sal julle by Myself ontvang. Julle sal My seuns en dogters wees, Ek sal God vir julle wees.” Ons kan dit nooit doen totdat hierdie dinge gemanifesteer word, en die Woord van God vir die uur bewys is as die Waarheid nie. Volg in die voetspore.

117 Pinkster, dis hoekom Luther sy boodskap verloor het. Dis hoe Wesley sy boodskap verloor het. Sien, as die Wesleyaanse kerk aangegaan het, sou hulle Pinksters gewees het. As die Lutherane aangegaan het, sou hulle Metodiste gewees het. Sien? En nou, as die Pinksters aangaan, en die Bruid wees. As julle terughang en bly teruggaan in die wêreld soos julle nou gaan, sal julle verlore raak! Dit sal net die dop wees, en die stingel moet verbrand word. Julle weet dit. Hy sal Sy koring versamel in die skuur. Maar die doppe sal Hy verbrand met onuitblusbare vuur, hoewel dit ’n draer was. Dit het beslis gedra, maar die Lewe het dit verlaat so gou as wat dit ’n blaar geword het, het dit uitgegaan om iets anders te maak totdat dit sy volle statuur bereik het.

118 En so sal die Kerk kom deur Regverdigmaking, Heiligmaking, Doop van die Heilige Gees (herstel van gawes), reg in die gevormde beeld van Christus in. Christus is die Bruidegom, die Kerk is die Bruid, en die Bruid is ’n deel van die Bruidegom. Dit sal ’n Woord Kerk moet wees, nie ’n denominasionele kerk nie. Dit sal die Woord Kerk wees, die Woord wat bekend gemaak word en deur die bevestigde Woord van God.

119 Bileam, hy kon nie die verskil sien nie. Baie kan nie.

120 Farao kon Dit nie sien nie, hoewel Dit reg voor hom bevestig was.

121 Datan kon Dit nie sien nie. Datan het daar uitgekom, en hy het Moses gesien en geweet. Hy het daar uitgegaan, gesê: "Jy probeer dink jy's die enigste een in die groep. Die hele gemeente is heilig!" God het nooit so gehandel nie. Hy moes beter geweet het as dit. En hy het gesê: "Wel, die hele gemeente is heilig. Jy probeer jouself maak . . . " As ons dit vandag sou sê, die straat–uitdrukking: "Die enigste klippie op die strand."

122 En Moses het geweet dat God hom soontoe gestuur het daarvoor. Hy het net gesê: "Here . . . " geval in die—die deur van die tabernakel.

123 En God het gesê: "Sonder jouself af van hom." En Hy het hulle ingesluk.

124 En onthou, die sonde wat Israel gedoen het (deur Bileam wat gesê het: "Hulle is almal dieselfde."), daardie sonde is Israel nooit vergewe nie. En kyk, laat ek vir julle 'n treffende syfer gee; uit twee miljoen wat Egipte verlaat het, het twee van hulle in die Beloofde Land ingegaan. Elkeen van hulle het dieselfde ding geëet, hulle het almal in die Gees gedans, hulle het alles in gemeen gehad; maar toe dit gekom het by die skeidingstyd, het die Woord die skeiding gemaak. So is dit vandag! Die Woord het die skeiding gemaak! Toe die tyd aangebreek het, het hy gesê: "Wel, hier, ons is . . . "

125 So naby, kyk, die Bybel het gesê: "In die laaste dae, die twee geeste," Matthéüs 24:24: "sou so naby wees, dit sou die einste Uitverkorenes mislei as dit moontlik was." Daardie dop lyk net presies soos die koring, maar dis nie die koring nie. Sien? Dit is nie die koring nie, maar dit lyk net presies soos dit. Sien? So naby, dit sou die einste uitverkorenes mislei. Julle het gedenomineer en geval in daardie denominasie in, en opgedroog en gesterf, en die koring het reguit uitbeweeg deur die . . . Sien? Dis presies reg! Dis 'n draer, maar nie die koring nie.

126 Onthou, die koring bly net voortgaan. In die opstanding sal al daardie krag van die koring reg opkom in die koring in, soos dit opkom om die kop te vorm, om uit te kom in die groot opstanding.

Nooit vergewe nie!

127 Laat ons hier net 'n oomblik stop. Ek hoop ek versmoor julle nie. Maar, kyk, laat ek vir julle iets vra. Laat ons net dit neem. Sê, byvoorbeeld, hierdie telling sou reg wees. Wanneer die sperm, die manlike en vroulike kom, as julle ooit proefbuise geken het, of—of verbastering ensovoorts van beeste, sal julle uitvind dat die ontlading van die mannetjie omtrent 'n miljoen kieme vrystel. En die ontlading van die wyfie stel 'n

miljoen eiers vry. Maar het julle geweet dat daar net een van hulle vrugbaar is? Daardie kalfies, of wat hulle ook al is, in hierdie miljoene kieme, 'n miljoen kieme, sal hulle daardie een kiemietjie wees wat homself sal opwerk deur die res van daardie kieme en reguit sal oorgaan en daardie vrugbare eier sal vind en daarin kruip, en die res van hulle sal sterf. Een van hulle is verordineer tot die lewe, die ander is nie, hoewel hulle almal dieselfde is. Een uit 'n miljoen!

128 Wat as dit so sou wees, vanaand? Daar's vyfhonderd miljoen, veronderstel om te wees, dink ek, Christene in die wêreld, omtrent daardie getal, net 'n ronde getal. As die wegraping dan vanaand sou kom, in die lewendes wat gaan, sou daar slegs vyfhonderd mense wees. Wel, daar word soveel vermis enige dag, amper, waarvoor hulle nie kan antwoord nie. Die Bruid sal weggeneem word en ons sal wonder waaroor dit alles gaan; en die mense gaan reguit voort met preek, sê dat hulle "*dit* of *dat*, en die *ander* kry," en kyk wat 'n misleiding sou dit wees. Sê dit sou so wees; ek sê nie dit is nie, ek weet nie, ek is geen gesaghebbende daaroor nie. God is die regter daarvan. Maar kyk hoe maklik kan dit gebeur, in alle getalle en dinge, hoe dit bewys kan word.

129 Hoekom het Korag Dit nie gesien nie? Hoekom het Datan Dit nie gesien nie?

130 Hoekom het Agab Dit nie gesien nie? Toe Agab. . .Toe Jósafat afgegaan het na Agab, het hy gesê: "Agab, ons is in die moeilikheid. Weet jy dat God ons hierdie land gegee het, Josua dit opgedeel het? Jy weet hierdie stuk grond hierbo wat die Siriërs geneem het, is dit nie ons grond nie?"

"Ja!"

131 "Ons kinders is honger, en die Siriërs (ons vyand) voed hulle kinders, vul hulle mae met die koring wat ons s'n behoort te wees." Dis skriftuurlik reg. Gesê: "Sal jy my help om op te gaan daarnatoe en dit te neem?"

132 Nou, partymaal sal 'n goeie man onder die invloed van die bose ingee. Beter dophou, kerk, hou baie goed dop.

133 Nou, die eerste ding wat jy weet, Jósafat, as 'n groot godsdienstige man, het hy gesê: "Wel, ons behoort op te gaan, sekerlik, na ons kerk, ons is almal dieselfde volk." Maar hulle was nie dieselfde volk nie! Nee! Hy het gesê: "Wel, ons kerk is jou kerk, ons volk is jou volk. Sekerlik, ons sal gaan," het hy gesê: "maar laat ons eers die Here raadpleeg."

134 So hy het gesê, O Agab: "Sonder twyfel, ons moes daaraan gedink het. Wel, ons sal. . . "

135 "Is daar 'n profeet van die Here?"

136 Gesê: "Ek het 'n kweekskool vol van hulle. Ek het vierhonderd hieronder, die bestes wat daar is. Hulle het almal

hulle Ph.D., L.L.D., hulle dubbel L.D.'s, en alles anders wat daarmee saamgaan. Hulle is elkeen . . . " Nou onthou, hulle was *Hebreeuse* profete, uit 'n skool van profete.

137 Gesê: "Bring hulle op, laat ons hulle hoor."

138 Nou, ek glo dit was Sedékia (die groot hoof oor die biskop, almal van hulle) wat soontoe gekom het, en hy het die inspirasie gehad. Hy het inspirasie gehad, absoluut. Hy het soontoe gekom, en vir homself twee groot ysterhorings gemaak. Hy het gesê: "Julle weet, SO SPREEK DIE HERE: 'Jy gaan hierdie horings neem en die Siriërs reg uit die land stoot.'"

139 Wel, al die res van hulle het geprofeteer: "Dis presies reg!" Elkeen van hulle, die hele kweekskool, in ooreenstemming. Sien?

140 Agab het gesê: "Jy sien?"

141 Jósafat, wat soort van geestelik was, julle weet, hy het nog nie heeltemal opgedroog nie, hy het gesê: "Maar is daar nie nog een iewers, wat ons kon raadpleeg nie?"

142 "Hoekom wil jy andere raadpleeg, wanneer die hele Ekumeniese (die hele raad), dit sê: 'Dis reg'?" (Verskoon my, sien.) "Die hele ding het gesê: 'Dis wat ons behoort te doen.'" Sien? "Dis wat ons behoort te doen."

143 Hy het gesê: "Maar is daar nie net nog een iewers nie?" Daardie snaakse een, julle weet.

144 Hy het gesê: "Ja, daar is. Daar's een, Miga die seun van Jimla, maar ek haat hom." Altyd so. "Ek haat hom, omdat hy net altyd ons volk uitskel, en my vervloek, en my al die boosheid omtrent myself vertel. Ek haat die man!"

145 Gesê: "Ag, moenie dat die koning so sê nie." Gesê: "Gaan kry hom."

146 So hulle het soontoe gegaan na die seun van Jimla, party van die—die biskoppe, of, party van die ouderlinge, en soontoe gegaan, gesê: "Nou, luister, wil jy weer in die organisasie terugkom? Jy dieselfde ding sê ding as wat hulle sê, sal hulle jou terugbring."

147 Maar dit was net so dat God 'n man gehad het waarop hulle nie hulle hande op hom kon plaas nie; God het Sy hande op hom gehad. Hy was net die weerspieëler van God se Waarheid. Gesê: "Sekerlik," gesê: "ek sal soontoe gaan, maar ek sal net sê wat God in my mond sit." Daar's die man van God. Hy het gesê: "Gee vir my die nag." So die nag het gekom, en die Here het met die profeet gespreek, klein niemand. En eerste ding waarvan jy weet, het hy die volgende oggend uitgekom.

Gesê: "Wat daarvan, Jimla?"

148 Hy het gesê: "Trek op," gesê: "maar ek sien Israel soos skape verstrooi op 'n heuwel, sonder 'n herder."

149 Hy het gesê: "Wat het ek jou gesê! Wat het ek jou daarvan gesê!" En hy het gesê . . .

150 Toe het die groot biskop nader gestap en hom in die mond geklap, gesê: "Watter kant toe het die Gees van God gegaan? Want ek weet ek het die Gees gehad; ek het Daarin gedans, ek het al hierdie dinge gedoen. Sien, ek—ek het die Gees op my gehad. Waarnatoe het Dit gegaan?"

151 Nou, sien, Jimla as 'n seun van God, of 'n ware profeet van God, hy het sy visioen ondersoek met die Woord. As dit nie volgens die Woord was nie, is dit verkeerd. Sien? Die Woord vir daardie uur, sien. Nou, hy het skriftuurlik gesê, die land wat aan hulle behoort, die land was hulle s'n. Skriftuurlik, was alles blykbaar reg, behalwe een ding.

152 Onthou, dit was een Woord wat die hele gemors veroorsaak het, Eva het een Woord van God nie geglo nie; in die eerste van die Bybel, het een Woord die probleem veroorsaak. Jesus, wat in die middel van die Bybel gekom het, het gesê: "Die mens sal lewe van elke Woord wat uitgaan uit die mond van God." Aan die einde van die Bybel, gesê: "Wie ook al een Woord sal uitneem of een woord Daarby sal voeg."

153 Dis nie deel van die Evangelie nie . . . Die Metodiste het 'n deel, die Baptiste, Presbiteriane, ensovoorts, hulle het 'n deel Daarvan gehad, Katoliek het 'n deel Daarvan gehad, Jehova Getuie, al die res van hulle.

154 Maar Dis die hele Woord, al die Woord, die Woord van die uur; wat tel. En ons sal dit nooit doen totdat God 'n profeet salf wat kan staan en Dit sê, en hom bevestig, en Dit bewys dat Dit reg is nie. Dit sal regdeur die mense glip en hulle sal Dit nooit weet nie, net soos dit altyd was.

155 Julle Katolieke, soos Jeanne d'Ark, julle het haar verbrand op die brandstapel as 'n heks; later het julle daardie priesters se liggame opgegrawe, tweehonderd jaar later, en hulle in die rivier gegooi. Julle het nie Sint Patrick en die res van hulle geken nie.

156 Dit sal weer regdeur julle hande gaan, die eerste ding waarvan julle weet. God sal dit doen, en julle sal nooit eens weet dis gedoen nie. Sien, Hy glip net regdeur en kry Sy Bruid en neem haar reguit op, en steel haar weg, reg uit die midde van die mense.

157 Ons vind uit, hierdie klein Miga het gesê hy het ondersoek, hy het geweet dat God gesê het aan 'n ware profeet voor hom. Die profeet voor hom, wat het hy gesê? Hy het dit gesê, hy het gesê: "Agab, omdat jy die regverdige gestort het, of die bloed van die regverdige Nabot, sal die honde jou bloed ook oplek,

en Isébel." En dis net presies, moes gebeur omdat God dit gesê het. Hoe kon daardie profeet goed profeteer wanneer kwaad daarteen was?

158 Hoe kan ek hierdie Laodicése Kerkeeu die goeie dinge vertel, wanneer God teen dit gespreek het? Julle is nakend, ellendig! Julle sê: "Ek is ryk, ek het beter. . . Ek het kerke soos die Metodis, en die Baptiste, en die Presbiteriane. Ek het *hierdie*, ek het *daardie*; die beste *dit*, *dat*, en die *ander*." Dis reg, maar weet nie dat jy nakend, blind, ellendig is, teenoor die ware ding wat God manifesteer nie. Hy sal presies dieselfde met julle gaan, reguit uitbeweeg. Sien? Glo, mense, voor dit te laat is.

159 Nou, ons vind uit dat hy hom in die mond geslaan het, en gesê het: "Waarnatoe het die Gees van God. . . ?"

160 Miga het gesê: "Ek het God op die Troon sien sit. En al. . . Hy het die afgevaardigdes van die Hemel geroep, gesê: 'Wie kan ons kry om af te gaan en Agab te mislei?'" Gesê: "En een leuengees het opgekom en voor God geval; 'n leuenaar." En onthou, daardie leuengees het in daardie profete ingegaan, hulle moes toe geweet het dat die gees wat op hulle was nie volgens die Woord was nie. Maar hulle was so meegevoer omdat hulle die koning se profete was, omdat hulle alles goed gehad het.

161 En dis wat die kerk vandag gedoen het. Julle het weggekom van daardie outydse ondervinding, wat julle jare gelede gehad het toe julle op die straathoek gestaan het en die Evangelie gepreek het. Uitgekom het uit daardie organisasies en julleself "'n vry volk" genoem het! Nee! omdat julle weer daarin toegedraai is, soos 'n vark na sy rolplek of 'n hond na sy braaksel. As dit hom, die eerste keer laat braak het, sal dit hom weer laat braak. Dis reg! God het julle uit Sy mond gespoeg, Hy het gesê: "Julle is louwarm, nie warm of koud nie"; hou 'n paar dienste, speel dan 'n paar. . . musikante, sing 'n bietjie, wanneer, dit absoluut. . . dit het amper 'n oneer vir Christelikheid geword.

162 My seun het my geroep nou die dag om te kyk na 'n televisie, veronderstel om 'n sangbyeenkoms te wees waarnatoe die mense gekom het. Daardie klomp Rickies wat daar gestaan het, rondgeskud het soos hierdie ruk–en–rol, en daardie gesange gesing het, dis 'n oneer teenoor Jesus Christus! Daar's glad geen plegtigheid meer in die kerk nie. Dit lyk asof dit alles 'n ruk–en–rol iets geword het, en 'n mode–vertoning, in plaas van die Kerk van die lewende God waar Jesus Christus Homself kan manifesteer in krag. Behoort nie te wees nie. Daar's iewers iets verkeerd, julle glip weg. En die Bybel het gesê dit sal so wees. Sien? Kyk waar julle is. Wees versigtig, word wakker voor dit te laat is.

163 Nou, ons vind, hy het gesê: "Wie kan ons kry om daar uit te gaan en Agab te mislei, om hom daar te kry om daardie profeet se woorde te vervul?" Sien, as die profeet 'n Woord gesê het, sal hemele en aarde verbygaan, maar Dit kan nie faal nie. Dit moet gebeur. So dis wat, dit moet plaasvind.

164 Hy het gesê: "Sit hierdie man in die binneste tronk, voer hom van brood van verdriet en water van verdriet. Wanneer ek terugkeer in vrede, sal ek sorg vir hom."

165 Miga het daar vasgestaan, in die wete dat hy die Gees van God gehad het. Sy profesie en visioene was reg. Sy Boodskap was reg, want Dit was SO SPREEK DIE HERE uit die visioene, SO SPREEK DIE HERE uit die Woord. Dit moes reg wees, was SO SPREEK DIE HERE. Hy het gesê: "As jy hoegenaamd terugkeer, het God nooit met my gepraat nie." En julle weet wat gebeur het, sekerlik. Sien, julle . . .

166 Verstaan, broer. Luister.

167 Sekerlik, Kajafas, hy kon Dit nie sien nie. Hoekom het hy nie afgekyk . . .? Hy was 'n—hy was 'n biskop, hy was 'n pous van al die kerke saam. Hoekom kon daardie man nie Jesus daar sien staan nie? Waarom kon hy nie verstaan nie? Toe hulle die 23ste Psalm gesing het, die 22ste Psalm, liewer, in die kerk, en: "My God, My God, waarom het U My verlaat?" en daar het Hy aan die kruis gehang. Die einste Skrifte, die einste God wat hulle aanbid het, hulle het Hom veroordeel en Hom doodgemaak as "'n fanatikus." Daar is dit.

168 Dit sal julle skok as ek julle vertel dat dit net gereed is om weer te gebeur. Die Bybel het gesê Hy was aan die buitekant aan die probeer klop om in te kom, en niemand wou Hom inlaat nie: "Hy wat Ek liefhet tugtig en bestraf Ek, Ek berispe hom, Ek sorteer hom uit, maar dis omdat Ek hom liefhet. Maak oop en laat My inkom." Ja. Kon nie . . . "Onthou, Ek wou nie in die kerk inkom nie; dis *hy*, die indiwidu." Hy kon nie in die kerk inkom nie, het Hom uitgesluit gehad. Net . . . toe, enigste organisasie van almal van hulle, is hierdie kerkeeu, wat Hy aan die buitekant van die kerk was. Uitgesit! Geweier! Verwerp! Omdat . . . Hy was net tydelik gemanifesteer in die ander kerke, in die vorm van regverdigmaking, sovoorts; maar hierbinne, die eeu wat nou kom, is die volle manifestasie van die bevestiging van Jesus Christus dieselfde gister, vandag, en vir altyd. O, ek sal toegee ons het 'n klomp nabootsers, maar ondersoek die eerste een, die oorspronklike.

169 Moses het afgegaan met die gebooie van God, om Israel te verlos; en toe hy het, het hy 'n paar wonderwerke gedoen. Die nabootsers het hom gevolg. As hulle eerste was, sou hy die nabootser gewees het. Sien, hy het die Woord van die Here gehad, en die Here het bevestig; hy het net stilgesit.

170 En, julle weet, daardie selfde ding is belowe in die laaste dag? "Soos Jannes en Jambres Moses teengestaan het, so sal hierdie mense van goddelose verstand aangaande die Waarheid." Wanneer 'n organisasie hou 'n . . . neem 'n man reg onder deur daardie organisasie, dit wys dit het nie van God gekom nie; want, God doen daardie dinge om die mense se verstand aan te trek, en dan volg die Boodskap dit. As dit nie is nie, dan is dit nie God nie. Dis nie God nie! God doen dit altyd.

171 Judas kon Dit nie verstaan nie. Hy het reg saam met Hom gewandel, hy het Dit nie gesien nie.

172 Maar die ware, verordineerde van God, daardie ware geen, daardie ware kiem, 'n siel van God wat in God was voor die grondlegging van die wêreld; onthou, julle wat waarlik die Gees van God in julle het vanaand, julle was hier in Christus omdat Hy die volheid van die Woord was. Hy was die volheid van die Godheid liggaamlik. God was in Christus, die wêreld met Homself te versoen. Glo julle dit? Kyk, Hy was in Christus. Dan as jy in God was, 'n geen, 'n woord, 'n eienskap van die begin af, dan het jy saam met Hom gewandel hier op aarde, het jy met Hom gepraat op aarde, het hy gely saam met Hom op aarde, het jy gesterf saam met Hom by Gólgota, en het jy weer saam met hom opgestaan; en nou sit jy in hemelse plekke in Christus Jesus, aan die gemeenskap hou met Hom (die Woord) soos Dit in jou siel voed, daardie: "Die mens sal lewe van elke Woord wat uitgaan."

173 Nie die Metodiste woord, die Baptiste woord nie; onthou, as daar enigiets oor was in die offerhande, moes dit verbrand word voor die oggend, want môre is 'n ander kerkeeu. Dit reg? Eksodus, Dis waar. 'n Simbool, tipe van die Offerhande.

174 Die Deur. Gesê: "Ek sal een plek maak. Moenie . . . Julle sal My nie aanbid in elke deur wat Ek julle gee nie; maar daar's een Deur, en in daardie Deur sal Ek my Naam plaas." En waar die Here Sy Naam plaas, dis die plek waar God jou offer sal aanvaar. Ons het alle soorte deure gemaak, maar God het 'n Deur gemaak. God het 'n Deur gemaak, en daardie Deur was . . . Johannes die 10de hoofstuk, het Jesus gesê: "Ek is daardie Deur."

175 God het Sy Naam in Jesus geplaas. Glo julle dit? Hy was die Seun van God. Elke seun kom in sy vader se naam. Hy het gesê: "Ek kom in My Vader se Naam, julle het My nie ontvang nie." Ek kom in my vader se naam, julle kom in julle vader se naam. Jesus het gekom in Sy Vader se Naam, so Sy Vader se Naam is Jesus; presies, want Hy het gekom in Sy Vader se Naam.

176 "En julle het My nie ontvang nie. 'n Ander sal kom, en hom sal julle ontvang." Julle sal julle denominasies neem en voortgaan met hulle. Gaan net voort, die Bybel het gesê: "Hulle is opgerig om hierdie plek te vervul. Blind, nakend, en weet

dit nie." Kerk, godsdiens, o, baie godsdienstig, net soos Kain was; maak 'n offerhande, maak alles net dieselfde as wat Abel het. Maar deur openbaring is dit geopenbaar aan hom wat die sakrament was, nie vrugte van die veld en iets te doen met jou hand nie.

177 Die gelowige kan die Woord sien wat vlees geword het; die ander kan dit nie doen nie.

178 Al daardie Israeliete, nadat hulle Moses dit sien doen het en hulle reg opgebring het na die groot raad, waar dit gehou moes word, het elkeen van hulle gesê: "Ons sal saam met Bileam gaan, omdat ons dink Dr. Bileam is reg. Hy's slimmer, is meer geleerd, alles, so ons sal dit net neem."

179 En God het hulle nooit vergewe nie, Hy het hulle net daar in die wildernis vernietig. En Jesus het gesê, Self: "Hulle sal nooit kom nie, daar's niemand van hulle gered nie." Jesus het gesê . . .

180 Hulle het gesê: "Ons vaders het manna geëet in die wildernis vir veertig jaar."

181 Hy het gesê: "Hulle is almal dood, Ewiglik geskei van God. Hulle is almal dood." Sekerlik! Omdat hulle na 'n fout geluister het. Toe Moses, die bevestigde van God, en 'n leier om hulle die weg te wys na die Beloofde Land, en hulle goed so ver gekom het, maar toe wou hulle nie saam met hom gaan nie.

182 Nou, gelowiges kan Dit sien, maar ongelowiges kan Dit nie bevestig sien word nie.

183 Kyk hoe godsdienstig was Kajafas. Kyk hoe al daardie priesters, hoe godsdienstig hulle was. En Jesus het omgedraai, gesê: "Julle is van julle vader, die Duiwel, en sy werke sal julle doen."

184 Maar daar was 'n paar gelowiges wat daar gesit het. Dink julle daardie dissipels kon verstaan toe Jesus gesê het: "Ek en My Vader is een"? Hulle kon Dit nie verduidelik nie. Toe Hy gesê het: "As julle nie die vlees van die Seun van die mens eet, Sy Bloed drink nie, het julle geen Lewe nie." Kon hulle Dit verduidelik? Nee. Maar hulle het Dit geglo, omdat hulle gesien het dat God bevestig is en vlees geword het.

185 Jesus het gesê: "As Ek nie die werke van My Vader doen nie, glo My dan nie. Maar as Ek die werke van My Vader doen, die Woord wat voorspel is vir My om te doen, dan julle . . . As julle My nie kan glo nie, glo die werke wat Ek doen, dat julle gered mag word." Sien? Jesus het gesê: "My skape ken My Stem. Hulle ken My Woord, hulle sien Dit wanneer Dit bevestig word vir daardie eeu."

186 "Wel, Kajafas het ook die Woord geken!" Maar nie die Woord vir *daardie* eeu nie. Hy het die woord gehad van wat die Fariseërs in hom ingedruk het, maar nie die bevestigde Woord van die uur nie.

187 "Hulle ken My Stem, hulle ken My teken, hulle ken My wonder." Hoe nou, aan . . .

188 O, laat ons terugkom by ons teks, want ons gaan net 'n klomp van hierdie Skrif mis as ons dit nie doen nie, want ek moet afsluit binne die volgende paar minute, in elk geval, want dit gaan tienuur wees binne 'n paar minute. Ek het Hom lief.

189 Vriende, julle mense wat in daardie gang afgeloop het en daardie offerhande daar ingesit het 'n tydjie gelede; mense wat my kinders gevoed het, hulle geklee het; die mense wat julle geld gesit het (wat julle swaar verdien het) in 'n kollektebord, weet waarnatoe dit gaan? Dit help my om oorsee te gaan na die heidene wat nooit enigiets gehoor het van God nie. Dis wat ek daarmee doen, elke pennie, God is my regter. Hier's party van my . . . die man sit net hier nou wat in—in die tesourie van my kerk is. Ek kry eenhonderd dollar 'n week, en dis al; res daarvan gaan om oorsese dienste te borg waar hulle nie kan kom nie.

190 Die kerke wil my nie hê nie. Hulle wil my nie hê nie. Nee. Dis reg! Hulle noem my nou: "Hy's . . ." Hulle sê: "Hy's 'n 'Jesus Only,' of hy's iets soos daardie, of een of ander kranksinnige, fanatikus, en alles soos daardie, 'n—'n Isébel." En ek—ek het gesoek daarna, hulle het my Here: "Isébel" genoem, en hulle het Hom genoem . . . nie 'n Isébel nie, maar 'n "Beëlsebub." Hulle het Hom al daardie slegte name genoem. "As hulle die Meester van die huis: 'Beëlsebub' genoem het, hoeveel te meer sal hulle Sy dissipels noem?" So dit maak nie enige verskil nie.

191 En jy jouself, met die hulp van God, dink jy ek sou hierbo staan, 'n groot huigelaar, en jou iets vertel . . .? Of, sou ek nie reg in lyn val met die ding as ek gedink het dit was van God nie?

192 Maar ek het julle lief en weet wat die Waarheid is . . . Het julle my ooit enigiets in die Naam van die Here hoor sê behalwe wat gebeur het? Nee. Ek vra enigiemand. Daar is duisende dinge wat gesê is, hulle het almal gebeur. Onthou daardie tyd toe Samuel uitgeroep het, glo ek was dit, en hy gesê het . . .? Israel wou hulleself maak soos die res van die volke. En dis waarby julle Pinksters kom. Julle wil optree soos die res van die mense. Julle is nie daardie soort mense nie. Bly weg daarvan. Die groot kerke en mooi groot dinge, O broer, moet dit nie doen nie. Ons preek die koms van die Here is op hande, laat ons na die velde daaronder gaan en die heidene vertel. Sien, doen iets daaromtrent.

193 Maar, julle sien, Samuel het gesê: "Het ek ooit eenkeer enige van julle geld gevat van julle vir my lewe?"

194 Hulle het gesê: "Nee, Samuel, jy het dit nooit gedoen nie."

195 Gesê: "Het ek julle ooit enigiets vertel in die Naam van die Here behalwe wat gebeur het?"

196 "O, dis reg, Samuel. Ons glo jy's 'n profeet gestuur van God. Ja, meneer. Alles wat jy gesê het, het gebeur, Samuel. Maar ons wil dit in elk geval hê." Julle sien wat gebeur het. O broer, die Skrif bly net Homself heen–en–weer herhaal deur die Skrif, want dis God se manier om dit te doen, julle sien. Julle sien, julle tref hierdie soort tye.

197 Laat ons by ons teks sommer vinnig uitkom. Nou, ek was hierdie hele tyd, en ek het nog nie by my teks uitgekom nie.

198 Dis op my hart! Ek het julle lief! Moenie vergaan saam met die wêreld nie! As julle van die wêreld is, sal julle vergaan saam met die wêreld. As julle van God is, sal julle saam met Hom gaan in die opstanding. So verander julle natuur vanaand van die liefde van die wêreld en die dinge van die wêreld, en al hierdie geloofsbelydenisse en dinge, en kyk reguit na Gólgota na julle Offerhande; ontmoet Hom daar op daardie gronde, want dis die enigste plek waar Hy julle ooit sal ontmoet. Hy . . .

199 Die Metodiste sê: "Dis in ons kerk"; die Baptiste sê, en die Pinksters, en *hierdie*, en die Presbiteriane, en *hierdie*.

200 Maar Hy het gesê: "Ek sal hulle op een plek ontmoet, die Plek waar Ek My Naam sal plaas." Dis in Jesus Christus. Dis waar God Sy Naam geplaas het. Dis die enigste plek waar Hy jou sal ontmoet; en dis Christus, is die Woord, dieselfde gister . . . Dit het gegroei van die voete af, heupe. En nou is dit in die kop, maak gereed om te gaan; wat die volle maat manifesteer, die Bruid, dieselfde as die Bruidegom.

201 Nou laat ons na ons teks gaan, sommer gou, vir omtrent tien minute, en dan sal ons afsluit. Nou ons teks, ons sal dit almal wil oorweeg ons wil oorweeg, is, dit het weer gebeur, soos ons teks, soos dit gewoonlik gebeur het.

202 God het Sy profeet gestuur soos Hy . . . Woord het belowe van Maleági 3: "'n Boodskapper sal Ek stuur voor My aangesig om Sy koms vooraf te gaan."

203 Nou as julle dit wil bevestig, om dit te bewys; Matthéüs, 11de hoofstuk, bevestig dieselfde. Toe die dissipels van Johannes soontoe gekom het en hulle Jesus gesien het, het hulle gesê: "Johannes is in die tronk," gesê: "ons het gekom om u te vra of hy . . . "

204 Johannes se arendsoog het 'n vel gevorm. En hy was in die tronk, hy was gereed om dood te gaan; gesê: "Gaan vra Hom."

205 Sien, Johannes het gesê: "O, Sy wan is in Sy hand, Hy sal Sy vloer deeglik reinig." Hy het gedink die Millennium sou net toe begin, hy het gedink die graan was gereed. Maar dit moes sterf en in die stingel ingaan, weer opkom om die ware Bruid te maak. So hy het gesê: "Hy sal Sy koring in die skuur versamel,

en Hy sal brand met vuur." Hou daardie—daardie voorloper van Christus in *daardie* eeu dop, wat hy gesê het sou gebeur. "Die graan . . ."

206 En ek hoop julle slaap nie. Die graan is hier! Dit sal in die skuur versamel word. Dit was daardie Bruid, daardie deel daarvan. Maar wat het Hy gesê sal gebeur met die stingel? Dit sal gebrand word met onuitblusbare vuur. Soek saligheid nou terwyl julle kan. Wees 'n korrel, nie 'n stingel nie. Sien? Gaan in die Lewe in, nie die ou dooie vorm nie; gaan in die Lewe van Christus in, die Woord wat gemanifesteer is, die . . . gemanifesteer is en so bevestig is. Hierdie is die—hierdie is die versameltyd, die stroper kom. Julle beter in die korrel ingaan, want die dop gaan agtergelaat word.

207 Nou, ons vind uit dit het gebeur . . . Jesus . . . Om my aanhaling hier te voltooi, hierdie Matthéüs 11. Sien, Hy het nie vir Johannes gegee . . . Hy het gesê: "Nou, wag, Ek sal vir Johannes 'n boek gee oor hoe om homself te gedra: *'n Gelowige In Die Tronk*." Nee! Hy het gesê: "Staan hier en kyk wat gebeur. Gaan terug en wys Johannes wat gebeur: die verlamdes loop, die blindes sien, die dooies word opgerig, en die Evangelie word gepreek aan die armes." Net presies wat die profeet gesê het sou gebeur. "En geseënd is julle wat nie aanstoot neem in My nie."

208 En sy dissipels het begin gaan oor die heuwel, Hy het omgedraai, gesê: "Wat het julle uitgegaan om te sien toe julle Johannes gaan sien het? Het julle 'n man gaan sien wat smaak bevredig in sagte klere, ensovoorts, die omgedraaide boortjies, en dit alles, julle weet?" Gesê: "Hulle is in konings se paleise, hulle soen die babatjies, en begrawe die dooies, hy weet nie hoe om 'n twee–hand swaard vas te hou nie." Sien? Gesê: "Wat het julle gaan sien? 'n—'n Riet wat geskud is deur enige wind: 'Kom aan, Johannes, Ek sal jou meer geld gee as jy hiernatoe kom'? ('Wel, prys God, ek is nie meer Metodis nie, ek sal 'n Pinkster wees, ek sal 'n Presbiteriaan wees, ek sal *hierdie*, *daardie* wees, die een met meer geld.') Gesê: "Julle het nooit 'n riet geskud met die wind gesien nie." Gesê: "Wat het julle daar gaan sien, 'n profeet?" Hy het gesê: "Ja, en meer as 'n profeet."

209 Johannes het pas die swakste eer betoon wat hy kon aan Jesus. Geweet dit moes op daardie manier kom; Hom gevra nadat hy Hom bekend gestel het en daardie Teken bo Hom gesien het, het hy gesê: "Hierdie *is* die Messias," dan kom hy en vra: "Is u Hy, of soek ons vir 'n ander een?"

210 Maar, kyk, Jesus wat dit geweet het, Hy het omgedraai en hom 'n eer betoon, gesê: "Wat het julle gaan sien, 'n riet geskud met die wind?" Gesê: "Daar's nooit 'n man gebore uit 'n vrou so groot soos Johannes, tot hierdie dag nie." Dis reg! Wat 'n kompliment om die man te gee!

211 Maar, julle sien, daar was dit, daardie profesie is vervul reg voor hulle aangesig, met ’n voorloper wat kom, presies wat Maleági gesê het. Nou, dis Maleági 3, nie Maleági 4 nie.

212 Johannes die Doper was Maleági 3, Jesus het so gesê. Toe hulle Hom gevra het, gesê het: “Hoekom sê die skrifgeleerdes . . . ”

Gesê: “Hy het alreeds gekom. Hulle het gedoen wat hulle gesê het.”

213 Maar, onthou, Maleági 4, onmiddellik na die Maleági 4 profeet, die vierde koms van Johannes die Doper in . . . of die . . . van Elía. Die vyfde koms sal die Openbaring 2 wees, die getuies, wanneer hy kom vir die oorblyfsel van die Jode. Maar God het daardie selfde Gees vyf keer gebruik: genade, J–e–s–u–s, dit was die heeltyd Jesus; g–e–l–o–o–f [f–a–i–t–h—Eng.—Vert.], g–e–n–a–d–e [g–r–a–c–e—Eng.—Vert.], ensovoorts. Sien julle? Die getal vyf is ’n genade getal en Hy het dit gebruik. Sal nie net drie gebruik nie, sal nie net twee, drie, vier gebruik nie. Dis vyf keer wat Hy dit gebruik.

214 Nou, let nou vinnig op, soos ons klaarmaak. Hy het gesê: “Hierdie is hy van wie gesê is: ‘Ek sal My boodskapper voor My aangesig stuur.’”

215 Maar in Maleági 4, onmiddellik na *daardie* profeet geprofeteer het, moet die hele aarde verbrand word, en die regverdige moet uitstap op die as van die bose. Sien? Presies! Sien, dis die Maleági 4 profesie.

216 En let op in Lukas 17, waar Hy gesê het: “In die laaste dae, sal dit weer word soos Sodom en Gommora.” Het ons dit? Het ons weer Sodom en Gommora? Die hele volke, kyk daarna. Kyk wat hy pas gesê het oor Engeland, die hele ding is verdraai. Selfs die kos is verdraai. En kyk hier wat die wetenskap . . . Julle het gesien in *Reader’s Digest*, ek reken dis verlede maand, het hulle gesê: “Seuntjies en meisietjies gaan deur middeljare tussen twintig en vyf–en–twintig jaar oud.” Ek ontmoet hulle in die diens, meisietjies in menopouse, en twintig, twee–en–twintig jaar oud, in menopouse. Waaraan word dit toegeskryf? Dis verdraaïng, verbastering. Dis presies wat verderf het, die hele ding het die liggaam verderf. Ons is niks behalwe ’n gemors van—van . . . net soos ’n basterplant.

217 Jy neem ’n basterplant en sit dit daarbuite, elke kiem sal reguit daarnatoe hardloop. Maar ’n egte, oorspronklike plant, ’n kiem sal weggaan daarvan, hy kan dit nie verduur nie. En dis wat die probleem is met die kerk, ons het dit verbaster.

218 Dis wat die probleem is met Pearry Green se ou perd daarbo, en hy het daardie seun nou die dag gegooi, hy’s niks behalwe ’n ou kruisperd nie. Sien? Die enigste ding wat dit is, hy . . . Dis net soos ’n muil, hy’s—hy’s . . . ’n muil weet nie wie sy

pappa of mamma is nie, hy weet niks nie; hy's half muil en half perd, en half *dit* en donkie; hy weet nie wat hy is nie. Jy kan nooit . . . Hy sal sy hele lewe wag om jou te kan skop. Dis reg! Jy kan hom roep, sê: "Komaan, kêrel. Komaan, kêrel." Hy sal sy ore ophou, en: "Ho! Ho! Ho!" Sien?

219 Soos party van hierdie wat sê: "Dae van wonderwerke is verby, Ho! Ho!" al hierdie basters, veronderstel om kerklidmate en Christene te wees. Ek sê dit nie vir 'n grap nie, maar dis die Waarheid. Maar 'n egte, opreggeteelde, broer, hy weet wie sy vader was, wie sy moeder was, wie sy oupa, ouma was, jy kan hom iets leer, hy's saggeaard.

220 En 'n ware christen wat gebore is uit die Heilige Gees en gevul is met God se krag en Woord, hy weet wie sy vader is, wie sy moeder is, wie sy oupa, ouma was, hy weet alles Daarvan. Jy kan hom iets leer.

221 Maar 'n baster, dis wat na kerke gekom het. Verbaster tussen die wêreld en godsdienstige organisasies, en sit 'n bietjie Woord *hier* daarin, 'n bietjie Woord *daar*, net genoeg om te mislei. Dis reg. Wanneer jy die ware Woord van God gemanifesteer sien word soos Kajafas en hulle het, draai hulle weg Daarvan, hulle weet nie. Baster!

222 Nou vind ons uit, en in hierdie boodskap, het Jesaja 40:3 Johannes ook bevestig. Hy het gesê: "'n Stem gestuur van een, 'n profeet, wat roep in die wildernis: 'Berei die weg voor van die Here, maak Sy weë gelyk.'" Die kerk het hom nie geglo nie, want hy was nie van hulle groep nie. Daardie profeet was opgerig uit 'n wildernis, opgekom en niemand geken nie. Hy het die einste Gees op hom gehad wat Elía gehad het: hy was 'n man van die wildernis, hy het onsedelike vroue gehaat.

223 Onthou hoe Elía . . . Wat het veroorsaak dat sy kop van hom geneem is? Was Isébel. Isébel was die oorsaak van sy dood. Dit het hom in die wildernis ingejaag.

224 Johannes die Doper, nog 'n wildernis–liefhebber, 'n jagter, 'n woudsman. Hou hom dop. Hy het geen geleerdheid gehad nie. Hou sy—sy teks dop, was nie soos 'n teoloog nie. Hy het gesê: "O julle addergeslag!" Die vuilste ding wat jy kan vind in die wildernis, die slinksheid, was 'n—was 'n slang. En hy het daardie priesters genoem: "Julle addergeslag! Wie't julle gewaarsku om te vlug van die toorn wat kom? Moenie begin sê: 'Ons behoort *hieraan*, en ons het *dit* of *dat* nie,' want ek sê vir julle, God is in staat om hulle van hierdie klippe," wildernis. Ook: "Die byl," (wat hy gebruik het) "is gelê teen die wortel van die boom; en elke boom wat nie goeie vrugte voortbring nie, afgekap en in die vuur gegooi." Amen.

225 Hy was 'n prediker van die natuur. 'n Groot man van God, 'n kort tydjie gelewe, maar het beslis 'n vuur begin oor die aarde. Hy het daardie geslag geskok in daardie ses maande van

sy bediening. God het hom grootgemaak vir dertig jaar, om daardie ses maande uit hom te kry. Maar God doen op Sy eie manier, Hy weet wat Sy oes is.

226 En ons vind nou uit dat dit presies is wat plaasgevind het. Hulle het hom nie geglo nie, omdat hy nie van hulle was nie. Hulle het nie. Hulle het soos gewoonlik gemaak, hulle het Dit nie gesien nie. Hulle het nie God se Woord van Maleági 3 geglo nie, hoewel hulle duidelik gesien het volgens die letter dat hierdie daardie voorloper was. Hulle het vir vierhonderd jaar nie 'n profeet gehad nie, en hier kom meteens een op die toneel. Sien? En die mense, die gelowiges, het geglo dat hy dit was. Sien, hulle het Dit nie geglo nie. Hulle het nie geglo nie, want toe hulle die letter heeltemal bevestig sien word het, wat Hy gesê het Hy sou doen, en alles, en Dit duidelik bevestig sien word het toe die Woord reg in die water na die profeet gekom het. En daar het hulle gestaan.

227 Daar's baie wat stry oor daardie Skrif daar van Johannes. Sien, Johannes het gesê: "Dit is nodig dat ek deur U gedoop word, en hoekom kom U na my?"

228 Jesus het gesê: "Laat dit nou toe, want só...maar só is dit betaamlik vir ons, pas dit ons (betaamlik) dat ons dit alles vervul. Johannes, jy as 'n profeet, jy weet die offerhande moet gewas word voordat dit aangebied word. En Ek is daardie offerhande, en jy is 'n profeet en weet dit." Toe het hy Hom toegelaat en Hom gedoop. Sien? En hy het geweet dit was.

229 Kyk, hulle het vir hom gelag, hom genoem "'n wilde, skeeuende, ongeleerde fanatikus," soos gewoonlik, daardie profeet wat die eerste koms van Jesus voorafgegaan het.

230 Ek sê nie dat hulle is...het nie dieselfde nabootsings vandag van—van die egte nie. Hulle doen dit, hulle absoluut. Maar, onthou, wanneer jy 'n vals dollar sien, moet daar 'n ware dollar wees waarvanaf dit gemaak is. Wanneer jy een sien wat 'n christen naboots, moet daar 'n ware christen iewers wees; want as daar nie was nie, sou daardie die oorspronklike wees. Jy moet by die oorspronklike uitkom. Maar gaan die eerste een na, en sien of die oorspronklike net presies volgens die belofte is. As dit is, glo Dit dan: die belofte vir die eeu.

231 Toe is Johannes se profesie bevestig in God se orde. Die Woord het na die profeet gekom en hom waarlik bevestig as daardie persoon.

232 Weer het Jesus gekom in 'n...verskillend van hulle begrip van daardie profesie. Hulle het Dit nie so verstaan nie. (Nou, ons gaan nou af na die einde.) Maar volgens die profeet se Woord, was Dit vervul tot die letter. Die profesie is vervul; maar die manier wat hulle gedink het Dit sou wees, Dit was nie so nie. Nou, hoe kon hulle verstaan en geweet het wat reg of verkeerd was? Om te kyk of dit bevestig is deur God,

of dit God was wat geïnterpreteer het wat Hy gesê het. Daar was valse Jesusse wat opgestaan het, en ’n man gelei het, ’n klomp . . . vierhonderd, uit in die wildernis en dinge; maar hy het nooit bewys om homself in die Woord te maak, julle sien, soos Hy gesê het nie.

233 Jesus, toe Hy gekom het, moes Hy ’n profeet wees. Dis reg! En vandag, voordat Jesus weer kom, moet die volle manifestasie van die persoon van Jesus Christus gemanifesteer word in die vlees. Dink daaraan! Jesus het gesê: “Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens, wanneer die Seun van die mens geopenbaar word.” Wat is *geopenbaar*? Ontvou, bekend gemaak. Die geheim is uitgebring, geopenbaar. In die dag wat die Seun van die mens geopenbaar sal word, sal die wêreld in ’n Sodomtoestand wees. Ons het dit, het ons nie? Ja! Hoeveel glo dit? Dis in ’n Sodomtoestand. En dis presies reg! Kyk waar dit sit, nou.

234 Onthou, daar’s altyd drie groepe mense in elke klomp mense wat jy vergader, dis, skyngelowiges, ongelowiges, en gelowiges. Ons het hulle in elke groep. Hulle het hulle die heeltyd gehad. Daar was die Sodomiete, daar was—daar was die Lotiet, en daar was Abraham.

235 Die Abraham was ’n uitgeroepte groep, hy was nie in Sodom om mee te begin nie. Nou hou hulle Boodskap dop! Hulle het gesoek na ’n beloofde seun, daarna gesoek vir jare. God het vir Abraham baie groot tekens en wonders gewys, maar hier het God Self afgekom soos ’n mens!

236 Julle sê: “Dit was ’n Engel.”

237 Abraham het Hom: “Here” genoem, hoofletter H–e–r–e. Enige Bybelleser weet dat daardie hoofletter H–e–r–e Elohim is. “In die begin God.” Here God, Elohim, die Algenoegsame. Abraham het Hom genoem: “Here God, Elohim.”

238 Nou let op, daar was twee mense wat in Sodom ingegaan het met ’n boodskap, en hulle het gepreek aan die Sodomiete. Hulle het niks gedoen, behalwe hulle verblind nie; wat, die prediking van die Evangelie verblind die ongelowige.

239 Maar kyk watter soort van ’n teken het die Abraham groep ontvang!

240 Nou, ons is veronderstel om die koninklike Saad van Abraham te wees, Isak was die natuurlike saad. Maar die geloof Saad, die geloof in die beloofde Woord, die *beloofde* Woord (moet Dit nie mis nie) was daardie koninklike Saad; dit was die Saad, Abraham se geloof. “Ons wat dood is in Christus, ons is Abraham se Saad, erfgename saam met hom volgens die belofte.”

241 Let op toe dit alles plaasgevind het, was daar onder in Sodom twee predikers daaronder wat 'n groot boodskap gepreek het.

242 Daar was een wat hierbo gesit het saam met Abraham se groep wat nie met daardie groep daaronder gelol het nie. Nou hou die een dop wat by Abraham se groep gebly het, watter soort van 'n teken Hy hulle gegee het. Hy het gesê. . . Nou, onthou, sy naam was Abram 'n paar dae tevore; en S–a–r–a–i, nie S–a–r–a (prinses) nie. En hierdie man, met Sy rug gedraai na die tent. . .

243 Die vroue toe was anders as wat hulle nou is. Hulle moet uitgaan en in hulle man se sake ingaan en alles anders, julle weet; maar hulle het dit nie toe gedoen nie, hulle het agter gebly.

244 So hulle. . . so daardie engele het daar gesit. Die boodskapper, en Hy het gesê: "Abraham, waar is jou vrou (S–a–r–a) Sara?" Hoe het Hy dit geweet? Hoe het Hy dit geweet?

245 Abraham het gesê: "Sy's in die tent agter U."

246 Hy het gesê: "Ek gaan jou besoek volgens die tyd wat Ek jou belowe het. Ek gaan jou besoek." En Sara het soort van by haarself gelag.

247 Met Sy rug na die tent, en Hy het gesê: "Hoekom het Sara gelag, gesê: 'Hoe kan hierdie dinge wees?'" As sy nie in Abraham was, sy bruid op daardie tyd nie, sou God haar doodgemaak het. So ook ons vandag met al ons ongeloof, as ons nie in Christus was nie. Dit hou ons net daar, sien. Hy kon nie seermaak of kon nie Sara neem sonder om Abraham seer te maak nie. Sien?

248 En so onthou, Jesus het gesê: "Soos dit was in die dae van Sodom, so sal dit wees by die koms van die Seun van die mens." Ons sien almal saamstem dat die wêreld in 'n Sodomtoestand is. Ek het 'n Los Angeles koerant opgetel hier nie lank gelede nie, en gesê, ek dink dit is "Homoseksueel is aan die toeneem met twintig of dertig persent in Los Angeles, neem elke jaar soveel toe." Dis. . . O, dis verskriklik! In ons regering en oral, het alles net 'n verdorwene geword. Dis reg! Die hele ding, die hele stelsel, kerk en alles is verdraai. Dis in verdraaide eeu.

249 Nou wil ek vir julle teoloë iets vra, my broers. Nie dat ek teen jou praat nie, my dierbare broer; ek is hier om jou te help, broer. Ek is hier om te staan op wat God se Woord sê, soos ek jou hand vashou en hierdie skare mense uit hierdie goed neem. Dis reg!

250 Maar kyk hier, ons het nooit 'n boodskapper onder in Sodom gehad tevore dat sy naam geëindig het met 'n h–a–m

tot nou nie. Ons het 'n Spurgeon, 'n Wesley, 'n Luther, en alles anders gehad, maar nooit 'n internasionale boodskapper wat sy naam geëindig het met h–a–m tevore nie. Dis reg! Sien, G–r–a–h–a–m, ses letters, G–r–a–h–a–m, Billy Graham; daardie bekende evangelis, groot werk van God, die man is gestuur van God. Hy het daardie regverdigmaking so goed neergelê, en hy skud die volk daarmee, sien, soos daardie. Daar's nie . . .

251 Kyk na Oral Roberts aan die Pinkster denominasie. Wanneer was daar ooit een soos daardie?

252 Ses letters, nie sewe nie. Abraham is A–b–r–a–h–a–m, sewe. Billy Graham is G–r–a–h–a–m, ses.

253 Nou kyk na die boodskappers. Kyk na die tyd waar ons is, was nooit 'n tyd in die geskiedenis nie. Kyk na dieselfde tekens wat Hy belowe het gegee sou word aan elke groep. Kyk waar hulle is. Dieselfde, presies, posisioneel, wat reg in orde sit. Natuur, die wêreld, alles, net presies volgens die tyd.

254 Nou moet Dit nie mis, terwyl ons die res van hierdie Skrif skets nie! Vinnig nou, want ek hou julle te lank. Roep . . . Kyk hier. En volgens die profeet, het hy net presies volgens die Woord gekom, net presies volgens die tyd.

255 Nou kyk na die eeu nou waarin ons lewe. Lewe ons nie reg in daardie Sodom tyd nie? Hou die boodskapper na Abraham se groep dop. Hou die getalle dop, die letters, en die getalleleer van sy naam. Jy sê: "Daar's niks in 'n naam nie." Moet jy nooit enigiemand jou dit laat vertel nie. Hoekom het Hy Abram se naam verander, na Abraham, Sarai na Sara? Hoekom het Hy Simon na Petrus verander, en al daardie ander? Sien? Sekerlik is daar. Presies!

256 Dis waarom ek sê moet nooit jou kind "Ricky," of "Elvis," of iets noem nie. *Elvis* beteken "kat," *Ricky* is 'n "rot." Sien, wanneer jy sê . . . Dis presies reg. Les, of iets, moet jy nooit een van jou kind . . . kinders dit noem nie. As dit is, verander dit sommer vinnig, mense. Moet jy nie . . . Julle wat . . . As julle my glo om God se dienaar te wees, moenie daardie naam op daardie arme kind vasspyker nie. Sien? Nee, meneer, gee hom 'n ander naam as dit. Goeiste! Ek sou nie daarop afgegaan het nie, want ek is van my onderwerp af, maar ek het dit gesê en dis alles verby. Ek . . . Dis hoe jy maak, jy weet nie wanneer jy dit sê nie. Sien?

257 Hom genoem: "Vreemd, 'n fortuinverteller, 'n duiwel, 'n Beëlsebub," en gesê: "Hy maak Homself God." O, goeiste!

258 Het Jesaja die profeet nie gesê: "Hy sou die Sterke God genoem word," nie? Jesaja 9:6: "Vir ons is 'n kind gebore, 'n seun gegee, en die heerskappy sal op Sy skouers wees, en Sy Naam sal genoem word Raadsman, Vredevors, en Sterke God, die ewige Vader." Dis reg! Ook, Johannes 1:1: "In die begin

was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en onder ons gewandel." Glo julle dit? Hy was nie net. . . Hy was 'n profeet, maar Hy was meer as 'n profeet; Hy was die God–profeet. Hoekom moes Hy kom?

259 Onthou, Hy kom in drie seuns se name. Hy het eers gekom in die naam van die Seun van die mens. Hy het nooit Homself die "Seun van God" genoem nie. Julle weet dit. Sien, Hy het gekom in die Seun van die mens, 'n profeet. Jehova Self, die Vader, het Jeremia genoem: "seun van die mens"; 'n profeet is seun van die mens. Hy kom. . .

260 Nou Hy het gekom na die Pinksterdag, het Hy teruggekom in die vorm van die Heilige Gees, bonatuurlike Gees. Nou is Hy Seun van God.

261 In die Millennium sal Hy Seun van Dawid wees, wat op die troon van Dawid sit. Sien, Hy kom in. . . Hy is Seun van God, Seun van die mens, Seun van Dawid.

262 O, die Bybel is vol van hierdie goudstukke. Ons kan hulle nie almal in een aand kry nie. Maar dis nou net gepas om hierdie te stel. Môre mag nooit aanbreek nie. Ons mag weg wees voor môre. Ek mag vir 'n persoon preek wat dood sal wees voor in die oggend. Ek kan weg wees voor in die oggend. Broer, suster, dis nie 'n mite nie, dis werklike feite! Ons weet nie watter tyd ons gaan nie, en jy sal geen kans hê na daardie laaste asem jou liggaam verlaat nie. Maak dit nou reg, moenie wag tot in die oggend nie, mag te laat wees.

263 Let nou op, hulle het aan Hom gedoen net presies wat die profete gesê het hulle sou doen, net soos hulle doen tot hierdie einste dag in die Laodicése Eeu. As julle daarna wil kyk, lees Openbaring 3: "Blind, nakend, en weet dit nie. Draai Christus. . ." Wanneer Hy Homself begin openbaar weer in die saadvorm, dieselfde een wat in die grond gegaan het, het teruggekom om die Bruid te wees; net die Bruid en die Bruidegom, is dieselfde vlees en bloed, dieselfde bediening, en dieselfde dinge, presies doen wat Hy gedoen het; die Gees.

264 En hier boots hulle na en doen enigiets anders, en elkeen het sy boek en hardloop, en *hierdie*. En, o, julle het nooit sulke sensasies gehoor nie! "En ek ruik." [Broer Branham trek sy asem op deur sy neus—Red.]Of die ander een, al *hierdie*, *daardie*, net so onskriftuurlik as wat dit kan wees!

265 En die egte ding wat net daar voor hulle lê, hulle loop weg: "Hulle behoort nie aan my organisasie nie." Goeiste, goeiste, net, sien, net blindes wat die blindes lei. Sal hulle nie almal in die sloot val nie? Verblind deur die mens se denominasionele tradisies, het hulle Hom uit hulle kerk gesit soos God gesê het hulle sou maak, in Openbaring 3; soos gewoonlik, soos geprofeteer.

266 Let op hoe Jesus selde. . .Homself bekend gemaak het aan hierdie dissipels nou, en ons sal afsluit. Hierdie twee dissipels, Kajafas. . .Kléopas, liewer, en sy vriend. Nou is ons in die opstanding, die oggend na die opstanding, die eerste opstanding; wat 'n pragtige oggend, Jesus is op uit die dood en lewe onder Sy mense. Wat 'n pragtige gedagte!

267 Hy's hier dieselfde vandag as wat Hy daardie dag was, want Hy's dieselfde gister, vandag, en vir. . .En openbaar Homself meer vandag as wat Hy in enige ander eeu het van daardie dag af; gekom deur die koring en stingel en dop (dis nou alles verby), is ons weer in die koring in. Sien, ons is weer terug in die korrel.

268 Bekend as. . .ken. . .Kyk hoe Hy Homself bekend gemaak het aan hierdie mense, nou, onthou, as hulle Messias (net voor ons afsluit) van die beloofde Woord van die eeu. Let op! Hy het aan hulle verskyn, aan die. . .soos Hy gesê het Hy sou maak, aan die profeet. Let op: "Onverstandiges, en traag van hart om te glo dat alles wat die profete van Hom geskryf het vervul moes word."

269 Hou Hom dop! Hy verwys reguit terug na die Woord van God, Hy het nooit reguit uitgekom en vir hulle gesê: "Ken julle My nie? Ek is die Messias wat opgestaan het," nie. Hy het nooit dit gesê nie. Sien, Hy het hulle net die Skrif gegee; soos Johannes het, en die res van hulle. Sien? Hy het net. . . Hulle moet dit self optel. Hulle moet vir hulleself oordeel. Nou, moenie aan die slaap raak nie, oordeel vir julleself.

270 "Onverstandiges, traag van hart om te glo dat alles wat die profete gespreek het plaas moes vind." Wat 'n teregwysing aan hulle wat aanspraak gemaak het dat hulle Hom geken het. Sien?

271 Let op hoe Hy die onderwerp benader het. Hy het nooit reguit uitgekom, soos ek 'n paar minute gelede gesê het nie, en gesê: "Weet julle nie Ek is julle Messias vir hierdie eeu nie? Weet julle nie dat Ek Hy is nie?" Die ware dienaar van God identifiseer homself nooit so nie; die Skrif identifiseer wie hy is. Sekerlik, hy sal. Maar hulle aandag gevestig op wat die profete gesê het om na te soek in die Messias se eeu. Sien dit? Gaan reguit terug: "Onverstandiges, en traag van hart, om nie te glo dat alles wat die profete gesê het van die Messias sou gebeur nie."

272 Hy, soos Johannes, het die Woord van die Bybel Hom laat identifiseer, wat Hy vir hulle was. Dit behoort duidelik genoeg te gewees het. As die Woord Hom geïdentifiseer het, behoort dit duidelik te gewees het, wie die belofte was waarna hulle gesoek het. Hulle het geweet hy het. . .iemand moes op die toneel kom op daardie tyd.

273 Wel, jy sê: "Nou laat ek vir jou wys wat die Woord sê is veronderstel om in hierdie dag te gebeur."

274 Probeer ek nie, vanaand, julle vertel, Woord vir Woord (selfs tot die posisie, die plek, die name, en getalle, alles anders, en al die tekens, tye, en alles), dat ons reg aan die endtyd is nie? Sekerlik kan julle sien waarvan ek praat. Sien? Kyk! Dis so duidelik, dit behoort geen meer identifikasie te benodig nie. Hy het gesê, toe Hy hier op aarde was: "Ondersoek die Skrifte, in Hulle dink julle het julle Ewige Lewe, hulle is wat. . . hulle getuig wat Ek is, sien, wie Ek is."

275 Let op, Hy het begin met Moses die profeet, 'n profeet, Deuteronómium 18:15. Ek hou die Skrifte hier dop. In Deuteronómium 18:15, het Moses gesê: "Die Here julle God. . . "

276 Sien, God het met hom gepraat bo–op die berg. En, o, goeiste, die donderslae; hulle het gesê: "Laat—laat die Here. . . Laat Moses spreek, nie God nie, voor ons vergaan."

277 Hy het gesê: "Hulle het goed gesê. Ek sal. . . Ek sal nie meer so met hulle praat nie, maar Ek sal 'n profeet vir hulle oprig." En dit was Sy boodskap die heelpad deur. Dis wat die hele ding moet besleg aan die einde. Dit moet net, want die Woord van die Here moet na die profeet kom. Dis die enigste ding waarnatoe Dit kan kom. As dit nie het nie, breek dit God se Woord en laat Hom iets verkeerd sê. Sien? Dit sal nooit na 'n kweekskool gaan nie. Dit gaan na 'n profeet. En die profeet is gestuur van God, verordineer. En hoe jy weet dit is, en nie wat die man gesê het nie, . . .

278 Ons het Elía's gehad, en jasse, en alles anders, en mantels, en alle soorte onsin wat afgegaan het in organisasionisme met enigiets anders.

279 Maar daar sal op hierdie aarde kom, deur God se belofte, 'n egte dienaar van God, geïdentifiseer deur God (deur Sy Woord wat die antwoord van hierdie dag is), wat die Bruid in orde sal stel ('n ware klein minderheid van die kerk) en dit opneem. Dis reg! Hy sal bekendstel: "Aanskou, daar's die Een waarvan Ek gepraat het, sien, wat sal kom."

280 En alles wat die profete van Hom gesê het, en van hierdie eeu, wel dit sou sekerlik interessant gewees het om Hom dit te hoor sê. Sou julle nie daarvan gehou het om Hom dit te hoor sê het nie? "Alles wat die profete gesê het van. . . " Onthou, Hy het gesê wat die profete sou sê van Homself, Homself aangehaal, wat Hy gesê het (en Hy was die Woord); aan die aanhaal.

281 Nou laat ons luister na die Woorde wat Hy aangehaal het. Sou julle graag wou hoor wat Hy vir hulle gesê het? Laat ons nou hulle gesprek voer, net voordat ons stop.

282 Nou, hulle was ingelig oor al die laat gebeure van die kruisiging, van die storie by die graf en die grafkelder, en die vroue wat Hom gesien het, en nog een wat gesê het hulle het Hom gesien, ensovoorts. Hy het gesê . . . Hulle—hulle het Hom ingelig daaroor. En Hy gaan reguit voort met die Woord oor . . . Homself aan die aanhaal deur die Woord:

"Nou kyk in Sagaria 12." (Hy moes Sagaria 11:12 aangehaal het.) "Want Hy was verkoop vir dertig sikkels silwer. Was die Messias nie veronderstel om vir dertig sikkels silwer verkoop te word nie?

"In Psalms 41:9, was Hy verraai deur Sy vriende. Sien?

"Sagaria 13:7, verlaat deur Sy dissipels.

"In Psalms 35:11, aangekla deur valse getuies.

"Deur Jesaja 35:7, stom voor sy aanklaers, nooit Sy mond oopgemaak nie." (Goed, meneer)

"Jesaja 50:6, was Hy gegésel.

"Psalms 22—22, het Hy uitgeroep by die kruis: 'My God, waarom het U My verlaat?' Al My bene hulle staar My aan. Hulle het My hande en My voete deurboor." (Kyk na die profesieë waarvan Hy kon praat!)

"Jesaja 9:6: Vir ons is 'n kind gebore, 'n maagd sal swanger word, sovoorts.

"En ook in Psalms 22:18, het hulle—hulle—hulle Sy klere onder mekaar verdeel.

"In Jesaja 7:14, 'n maagd sal swanger word.

"Psalms 22:7 en 8, Hom gemaak 'n . . . bespot deur Sy vyande, Hy veronderstel om Sy vriende te wees; Sy vyande, die kerk.

"In Psalms 22 weer, was Hy . . . nie 'n been moes gebreek word nie, maar hulle het Sy hande en Sy voete deurboor.

"Jesaja 53:12, gesterf saam met misdadigers.

"In Jesaja 53:9, verbrysel, en begrawe saam met die ryk broers.

"In Psalms 16:10, was Hy opgerig uit die dood. Dawid het so gesê: 'Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie, ook sal Ek Sy siel nie in die hel los nie.' Hy sou opstaan uit die dood.

"Maleági 3, was Johannes die Doper Sy voorloper."

283 En al die tipes waarnatoe Hy mag gegaan het! Selfs na Isak wat 'n tipe van Hom was op Berg . . . op die berg waarnatoe sy vader Abraham hom geneem het, in Génesis 22.

284 Dit was nou dat hulle begin sien het wie hierdie Skrifte vervul het wat belowe was vir daardie dag. Dit was toe, nadat

dit laat was, wat hulle begin sien het. "O! Wel, wag 'n oomblik! Julle weet wat?" Hulle het toe geweet dat hulle gekruisigde vriend, Jesus, daardie Profeet was wat belowe is. Hulle het geweet omdat . . . Sien, hulle was nie ingelig oor die Skrifte nie.

285 "Maar, hier, al hierdie dinge wat veronderstel is om te gebeur by die kruis, al hierdie dinge. Onverstandiges, traag van hart om te verstaan alles wat die profete gesê het; hoedat die Messias sou ly, en in Sy heerlikheid sou ingaan, en op die derde dag opstaan." Steeds het hulle nie.

286 "O, ja. Dis reg. Ek sien. Hy—Hy—Hy . . . Was ons harte nie brandende in ons nie?" het hulle gesê. Geen wonder hulle harte het gebrand nie! Die profesieë wat Hy gegee het wat vervul is.

287 Toe het hulle begin verstaan dat hulle vriend, die man wat hulle mee saamgeëet het, mee gepraat het, mee geassosieer het, mee visgevang het, in die woude gelê het, dat dit elke Woord van die beloofde uur vervul het! Daar was dit. Hulle het ses myl geloop, dit het 'n baie kort tydjie geblyk, veronderstel ek, en hulle het 'n ses–uur preek gehoor oor bevestigde profesie ('n bietjie langer as wat ons vanaand gehad het, sien). Dit het nou soort van laat geword in die aandtyd, die Aandligte het gekom.

288 Dis dieselfde tyd nou, kerk! Die Aandligte het gekom! Hebreërs 13:8: "Hy's dieselfde gister, vandag, en vir altyd." O, gebeure duidelik gemaak deur profesie, selfde vandag. Die Aandlig belowe deur die profeet van God, in Sagaría 14:7, mag weer die ware gelowige se oë oopmaak na die gebeure wat vandag plaasvind, wat bewys is deur die profesieë dat ons aan die endtyd is. Jesus kom.

289 Die einste . . . Dis . . .

290 Hy het gesê: "Daar sal 'n dag aanbreek wat nie nag of dag genoem sal word nie." Hy het gesê: "Maar in die aand sal dit Lig wees." Nou, ons weet, geografies, kom die son op in die ooste en sak in die weste. Nou, die profeet het gesê: "Daar sal 'n lang tydsbestek wees wat somber sou wees, soort van 'n . . . nie nag of dag genoem kan word nie; dis soort van 'n donker, somber dag."

291 Nou, waar het die Seun opgekom? Wat . . . Daardie was S–e–u–n waarvan ons nou praat. Die natuurlike s–o–n kom op in die ooste en gaan onder in die weste. Presies dieselfde God, presies dieselfde Seun, liewer. En die S–e–u–n van God het eerste opgekom in die ooste, aan die oosterse mense.

292 En nou nadat Hy weg is, wat het hulle gedoen? Driehonderd jaar later, het hulle hulle eerste organisasie begin, die Rooms Katolieke kerk. Deur die Donker Eeu het hulle gegaan, en uit het hulle gekom. Wat het hulle gedoen? Dieselfde ding. Dit was 'n dag van . . . Dit is nie dag of nag genoem nie. Hulle het genoeg opdragte gehad, en hulle het

geglo dat Hy die Seun van God was, en het gewandel in die lig wat hulle gehad het, hulle het hulle kerke gemaak, hulle het hospitale en skole ensovoorts, en kweekskole gebou, hulle kinders skool toe gestuur.

293 Maar die profeet het gesê: "Dit sal weer Lig word in die aandtyd. Die Seun sal weer deurloer, dit sal Lig wees." Wat? Dieselfde Seun (S–e–u–n) wat geopenbaar is in die vlees in die oggendtyd, destyds daar, sal weer geopenbaar word in die aandtyd.

294 Nou vergelyk Lukas 17:30: "En in daardie dag, soos dit was in die dae van Sodom, die ondergaan van die wêreld, in die tyd dat die Seun van die mens geopenbaar word."

Dit sal Lig word in die aandtyd,
Die weg na Heerlikheid sal julle beslis vind.

295 O, goeiste! Mense, waar is ons?

Nasies verbrokkel, Israel word wakker,
Die tekens wat die profete voorspel het;
Die Heidendae getel, met gruwels omring;
(Kyk hoe sy in die see ingly!)
Keer terug, O verstrooides, na jul eie.

Die dag van verlossing is naby,
Mense se harte faal van vrees;
Word gevul met die Gees, julle lampe geknip
en helder,
Kyk op! julle verlossing is naby. (Julle beter.)

296 Broer, suster, dis 'n vreesaanjaende tyd. Hou die dinge dop wat geprofeteer is, hou die dinge dop gebeur. Hou al die profesie dop wat vervul word, dan sien ons waaroor dit alles gaan. Dis nie 'n klomp . . . 'n tikkie fanatisme nie. Dis God wat Sy Woorde presies, presies bevestig. Die Rots is geslaan, vriende, vlug Daarnatoe so vinnig as wat julle kan. Profesie bevestig die dag waarin ons lewe.

297 Laat ons ons hoofde buig. ['n Broer praat in 'n ander taal. 'n Suster gee 'n uitleg. 'n Broer op die platform sê: "Kan ons wag vir net 'n oomblik? God het met ons gepraat deur Broer Branham, en die salwing is op Broer Branham, en hy's nie klaar nie. En . . . " Leë kol op band—Red.]

298 Dierbare God! Besef julle die dag waarin ons lewe, vriende? Sal julle waag om met God te stry? Sou julle sê: "Hy's nie reg nie," wanneer Hy Dit bewys het? Hy is Sy Eie interpreteerder. Wil julle Hom dien?

Nou met julle hoofde gebuig, en julle harte gebuig, broer, suster.

299 Dit mag ons laaste ontmoetingstyd wees. Ons mag nooit . . . As ek 'n jaar van vandag af terug sou wees, as ek lewe, sou

daar baie wees wat nou hier is, wat nie dan hier sal wees nie. En ek sal julle moet ontmoet by die Oordeelsbank en antwoord vir alles wat ek vanaand gesê het.

300 Voor God, terwyl julle in julle regte verstand is, sou julle nou soveel vir God doen? As jy weet dat jy...Kyk net na jouself in die spieël van God (die Bybel), maak nie saak wie jy is nie, en sê: "Ek weet ek skiet ver te kort om 'n dogter van God te wees, kyk wat doen ek. Ek skiet ver te kort om 'n seun van God te wees, kyk wat doen ek. Maar, God, ek wil nie hier wees nie, ek—ek wil streef na daardie plek." Ek wil hê jy moet hand opsteek na God, net wie jy ook al is, waar jy ook al is oor die gebou: "Ja, ek wil 'n seun van God wees. Ek wil 'n dogter van God wees. Ek wil alles vervul wat my Here beveel het." Nou julle...God seën jou. Ek reken negentig persent van die gehoor.

301 Nou kyk hier, my vriend. Wat as jy sou gelewe het in die dae toe jy Johannes hoor preek het? Wat as jy sou gelewe het in die dae toe Jesus hier was? Wie se kant sou jy gekies het? As jy sou gelewe het in Jesus se...Onthou, as Hy...As jy destyds daar gelewe het, sou dit gewees het net soos dit nou is. Dieselfde Jesus maak Homself bekend deur Sy Woord, sien, en Dis baie ongewild.

302 Maar laat ek vir jou sê, ek probeer nie mense vertel om kerk te verlaat of...Goeiste, ek wil hê julle moet kerk toe gaan: "Moenie nalaat om julself te vergader nie." Maar wat ek julle probeer sê om te doen, is om in die Koninkryk van God in te dring. Kry hierdie dinge, die wêreld, kerk...

303 Pinksters, julle mense word te wêrelds. Julle gaan te veel agter die wêreld aan. Dis net maklik, julle hou net aan televisies kyk en al hierdie dinge, en soos hulle maak, en al *hierdie*, en die eerste ding waarvan julle weet...Die kweekskole, die skole begin toe te gee hier en daar, en *dit*, *dat*, en die *ander*, en die eerste ding waarvan julle weet... Dit moet daarby kom. Die Pinksterkerk, dit was my grootste ondersteuning, ek kan niks daarteen sê nie. Maar dis wat ek uitroep: "My broers, kom uit!" Paulus...Julle het nie die dienste wat julle altyd gehad het nie. Die mense is nie dieselfde as wat hulle altyd was nie. Maar Jesus Christus is dieselfde, laat ons in Hom inbeweeg.

304 Nou, julle met julle hande op, onthou, daar was 'n Rots geslaan in die wildernis, en daardie fontein is steeds oop vanaand. Hulle Rots is geslaan, Christus, Hy is daardie geslaande Rots.

305 En vanaand, sover ek weet, mag die kerk wees...Die tyd van uitroep mag klaar verby wees, ek weet nie, ek kan dit nie sê nie. Onthou, die mense het reguit aangegaan om dienste te hê, net dieselfde, na die kruisiging van Jesus. En die...en al

die mense, hulle—hulle sal kom, hulle. . . Kyk! Hulle—hulle sal reguit aanhou preek, en sê hulle "word gered" en alles, net asof. . . "Die wêreld gaan voort soos dit was," sê hulle. Maar dit sal dan te laat wees.

306 Terwyl jy 'n kans het, my broer; terwyl jy 'n kans het, my suster; kom in die Koninkryk van God in. Jy hoef nie in te kom onder enigiets anders behalwe net eenvoudige geloof om Sy Woord te glo nie. Hy is daardie Woord! "Here Jesus, ek weet ek kyk nou na myself in die spieël van God se Woord; o, hoe kort is ek. Maar, dierbare God, hier vanaand, op hierdie Maandagaand, hier in San Bernardino, Kalifornië, in hierdie ouditorium hier, is hierdie—is hierdie alles wat ek het, Here, maar ek sal dit vir U gee. Sal U my neem soos ek is, Here? Sal U my sommer vinnig na die kruis laat vlug? Ek sien selfs die boodskappers. Ek sien die tyd, ek sien die uitroep van Sodom. Ek sien die tekens. Ek sien die Abraham se groep wat die Lig ontvang. Ek sien die manifestasie, Jesus wat weer onder ons gemanifesteer word soos dit was. Ek sien al die dinge wat U belowe het. Ek sien die nabootsers; ek sien U het gesê dat: 'Soos dit was in die dae van Moses,' hoe hierdie Jambres en Jannes sou terugkom om na te boots, en steeds net in dieselfde gemors bly waarin hulle was."

307 Sien, hulle kon Moses nie deur daardie Woord volg en daardie kinders uitneem in die wildernis nie, want hulle was geassosieer in Egipte. Hulle kon dit nie doen nie, hoewel hulle dieselfde werke gedoen het wat hy gedoen het. Maar hulle dwaasheid is gemanifesteer. En die Bybel het gesê, Dis SO SPREEK DIE HERE: "Dit sal weer in die laaste dag plaasvind."

308 En julle sien dit met julle eie oë, as julle geestelik is. Ek's. . . Ek kan Dit nie verduidelik nie. Dit is nie nodig vir my om Dit te verduidelik nie. "My skape hoor My Stem." Laat ons nou na Hom gaan, terwyl ons 'n kans het. Sal julle?

309 As julle 'n behoefte het aan die doop van die Heilige Gees, as julle 'n behoefte het aan 'n hertoewyding, 'n nuwe lewe; jou pastoor sal jou nie verag nie, hy sal jou liefhê daarvoor. Gee net jouself heeltemal aan God vanaand, terwyl ons hier is. Laat. . . Ja, ek weet dit was hard, snydend, vreemd, ek doen dit nie om gemeen te wees nie, ek doen dit om eerlik te wees. Ek doen dit omdat ek julle liefhet, ek God liefhet, en ek doen dit om julle te probeer help. En waarlik, vriend, ek—ek—ek glo. . . En met my hele hart, met al my geloof, glo ek dat my Boodskap van God kom. Dis—Dis so bewys aan julle deur die jare.

310 Nou luister, gee vanaand alles oor wat jy het, alles waaraan jy 'n behoefte het. Ek glo, met 'n ware, oorgegewe hart, as jy net op jou voete sal staan, en jou hand oplig na God, en sê: "Dierbare God, hier is ek. Neem my, Here. Nie meer sal ek

probeer om my eie verstand te gebruik en my eie interpretasie nie. U Woord sê ek moet 'heilig wees, ek moet wedergebore wees, ek moet gevul wees met die Gees, en dan sal die Gees my in alle Waarheid lei.' Dierbare God, hier is ek, lei my." Sal julle soveel doen? As jy soveel doen, steek jou hand op, sê: "Ek is gewillig om dit te doen, ek is gewillig."

311 Laat ons dan almal op ons voete staan.

> Net soos ek is, sonder een pleit,
> Maar dat U Bloed gestort vir my,
> En dat U my vra kom na U,
>
> O Lam van God, (God se enigste Oeur)...
> kom! Ek...

Nou kry al jou werk, alles anders, jou moegheid, alles... Wat as jy nou sterwend was?

> Net soos ek is, sal U ontvang,
> Verwelkom, vergewe, reinig, ontvang;
> Omdat ek...

Sal julle julle hand nou, op hierdie versie opsteek?

> Ek beloof, ek sal glo,
> O Lam van God, ek kom! Ek kom!

312 Nou terwyl die orreliste voortgaan—voortgaan om te speel, laat elkeen van ons...

313 Jong tieners, wil julle so word soos hierdie hierbuite op die straat, hierdie klomp skurke?

314 Suster, wil jy kort hare dra, wanneer dit jou Nasareense eer aan God is om lang hare te hê? "Dis 'n skande vir haar om haar hare te sny." Sal jy hierdie ou klein rompies en dinge dra, wat hulle vandag dra, hierdie—hierdie onsedelike rok, met jou liggaam wat daardeur wys, daarbuite op die straat? Het jy geweet dat elke man wat na jou kyk owerspel pleeg met jou in sy hart? En jy stel jouself so voor. Weet julle, vroue, julle wat grimering dra, daar's net een vrou in die Bybel wat ooit grimering gedra het? En God het haar vir die honde gevoer. 'n Isébel, 'n naam wat van haar dag af gehaat is, as gevolg van haar dade daarvan. Julle weet dit was Elía die profeet wat dit vervloek het en haar uitgeroep het op daardie manier? Weet julle dit was vir Herodias wat Johannes die Doper tereggewys het? Wil julle...Julle wil nie daardie Hollywood ding van die wêreld wees nie. "As julle die wêreld liefhet, of die dinge van die wêreld, is die liefde van God nie in julle nie."

315 Broer, predikervriend, niks...Verstaan my asseblief, ek is julle broer. Wil jy jouself assosieer, en jou kerklidmate van een of ander kerk (Metodis, Baptis, of wat jy ook al was), wil jy vashou aan daardie denominasie omdat jou moeder en jou

ouma daaraan vasgehou het? Sy't uit iets uitgekom om daar in te kom, dit was die Lig van daardie dag; daardie, soos in die dae van Noag. Hierdie is 'n ander dag.

316 Jy sê: "Wel, ek het die . . . "

317 Hierdie is nie die dag van Pinkster nie. Die Pinkstereeu is verby. Pinkster is verby, hierdie is oestyd. Sien? En die oestyd, die korrel; die water is klaar uitgestort, die korrel word ryp. Kom in die korrel in, my dierbare broer. Luister na my, glo my, as julle glo dat ek 'n dienaar van God is, laat elkeen, in ons eie manier, ons hoof buig in nederigheid en die gebed bid wat ons—wat ons weet ons behoort te bid: "God, neem my soos ek is."

318 En broer, suster, ek lê myself ook op die altaar vanaand: God, vorm my en maak my anders. Doen iets, God, maak my in U vorm.

319 Dink julle dis maklik om hier te staan en die mense so in stukke te sny? Dis 'n harde ding om te doen. Maar wee my as ek dit nie doen nie.

320 Dierbare God, soos hierdie gehoor hulle hoof en hart buig, in hierdie plegtige oomblikke hier van die afsluiting van hierdie Bybelles; wanneer ons die bevestiging van die Heilige Gees sien wat hierdie volk heen–en–weer geskud het, en heen–en–weer, groot herlewings en aanduiding, in die wete dat iets dit moet volg. En dan daardie sewe Engele sien afkom daar bo–op daardie berg oorkant in Arizona, toe selfs die tydskrifte oor die volk Dit bevat het. Om Jesus Self daar in die lug te sien, wat afkyk en sê dat: "In die Openbaring 10:7, in die sewende engel se Boodskap, hierdie seëls geopen sou word, die verborgenhede van God bekend gemaak sou word." Dat die hervormers nie lank genoeg gelewe het om—om dit uit te bring nie. En hier, moet hierdie sewe seëls wat die hele ding verseël oopgemaak word in hierdie dag. Om al hierdie groot tekens en wonders wat gedoen is, bevestig te sien, voorspel voor dit gebeur het, en nie een keer het U ons ooit gefaal nie, maar het dit laat gebeur net soos dit gesê is.

321 Dierbare God, ons besef dat Jesus Christus in ons midde is. Ons weet dat Hy hier is. Hy's hier vanaand, die onsigbare God is hier met ons, en kan elke belofte bevestig wat Hy in Sy Woord gemaak het. Hoedat U gestaan het en aan hulle bewys het, met rûe gedraai, in die oorspronklike begin voor die nabootsers selfs die arena binnegekom het, Here, of in die—die—die wedloop ingekom het, soos dit was. U het gewys en bewys, geprofeteer en vertel presies hoe dit sou gebeur, en ons sien dit het so gebeur. En Vader, God, ons weet dit kan nie die mens wees nie, dit moet God wees. So ons weet dis U hier vanaand. Vergewe ons ons sondes.

322 Dierbare God, U het ons siekte genees, ver—vergewe nou ons sondes, Here, om nie die soort Christen te wees wat ons behoort te wees nie, nie. . . Bely om ’n volle–Evangelie man of vrou te wees, en hier bevind ons onsself afvallig raak soos ’n denominasionele hoender. Help ons, dierbare God, neem ons en skud ons met U Heilige Gees. En as daar enigiets in ons is wat nie soos U is nie, neem dit uit ons uit, Here. En plant ons voete op God se Heilige Woord, en laat die Heilige Gees afbrand in ons hart en al die onsuiwerheid van ongeloof en die slaperigheid van hierdie dag uitneem; o, opstaan en onsself skud. Skenk dit, God. Reinig ons! Vorm ons! Maak ons! God, skenk dit.

323 As daar enige hierbinne is vanaand, Here, wat in hulle hart daardie korrel vashou, daardie geen van God wat verordineer is tot die Lewe vanaf die grondlegging van die wêreld; ek weet, Here, dat hulle sal moet hoor op hierdie uur. So, ek bid, God, dat U hulle siel sal vul en hulle sal verlig met ’n vars doop van die Heilige Gees, en hulle op hulle pad stuur, verheug en bly.

324 Here God, hulle. . . Ek gee hulle vir U. Ek weet nie wie hulle is nie, U weet. Ek is net verantwoordelik om U Woord te preek, Here, soos U Dit openbaar. U is verantwoordelik vir die res daarvan: waar die saad val. Ek gooi Dit net. Here God, ek bid dat Dit geval het in goeie, ryk grond vanaand. Dat baie Dit sal sien, Here, en opstaan om skynende Christene in hierdie laaste dag te wees, dat die groot ding waarna ons uitsien om te kom, vinnig sal kom. Skenk dit, Here. En U sal U Kerk neem, U Bruid, en Haar huis toe neem. Ons sien Dit alles gereed. Kom, Here Jesus. Ons vertrou dit alles toe aan U, in die Naam van Jesus Christus, vir die resultate. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op Gólgota’s. . .

325 Het julle Hom lief? Wel, dan moet julle mekaar liefhê. Skud mekaar se hand wanneer julle dit weer sing:

Ek het Hom lief, ek het Hom lief
Omdat Hy my eerste liefgehad het
En my verlossing gekoop het
Op. . .

326 Laat ons *Hom* nou loof. Hoeveel ken hierdie lied:

Ek sal Hom loof, ek sal Hom loof,
Die Lam geslag vir sondaars loof;
Bring Hom ere al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek gewas.

327 Laat ons dit nou sing:

Ek sal Hom loof, ek sal Hom loof,
Die Lam geslag vir sondaars loof;
Bring Hom ere al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek gewas.

328 Voel julle nie heeltemal uitgeskuur nie? Steek jou hand op, jy sê: "O, dit laat my goed voel." Broer, ek hou van daardie outydse liedere. En julle? Hulle gaan af na die hart.

Ek sal Hom loof, ek sal Hom loof,
Die Lam geslag vir sondaars loof;
Bring Hom ere al jul mense,
Want Sy Bloed het elke vlek gewas.

329 Laat ons nou net ons hande opsteek en God loof, elkeen van ons, op ons eie manier:

330 Here Jesus, ons dank U. Ons loof U, Here. Ons gee U lof vir 'n uitgeroepte volk, uit Babilon. Ons dank U vir die Bloed van U Seun, Jesus Christus. Ons dank U omdat Hy ons hierdie oomblik reinig. Ons ver-. . . Ons vra vergifnis vir ons foute, ons onnoselheid, Here, ons gestruikel in die duisternis. O God, mag ons opstaan en skyn, en wandel in die Aandlig, en die vrugte van die Boom wees wat voortkom deur die Aandlig. Skenk dit, dierbare God. Ons vertrou onsself toe aan U, in Jesus Christus se Naam.

331 Nou met julle hoofde gebuig, gee ek vir julle die pastore wat die diens ondersteun.

Moderne Gebeure Word Duidelik
Gemaak Deur Profesie AFR65-1206
(Modern Events Are Made Clear By Prophecy)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Maandagaand, 6 Desember 1965, by die Volle Evangelie Sakemanne se Internasionale banket in San Bernardino, Kalifornië, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org